ISSN 0258-0152

# SWART OP WIT

jg 3/3 vere et iucunde Mei 1987

## DIE AFRIKAANSE GEREFORMEERDE KERK NOG EENS

*Daar is nou reeds etlike jare van besinning in die NG Kerk aan die gang om die "Nederduitse" na "Afrikaanse" te verander. As 'n politiek geïnspireerde aksie 'n "Afrikaanse Gereformeerde Kerk" stig, sal dit 'n ramp wees.*

Die Redakteur van Swart op Wit het hom in hierdie blad meer as eens daarvoor uitgespreek dat die naam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk verander moet word na die *Afrikaanse Gereformeerde kerk.* 'n Pleidooi ten gunste van hierdie logiese en historiese naamsverandering is al voor 1983 in Die Kerkbode gelewer, en in die NG Sinode Wes Kaapland het dieselfde pleitbesorger 'n beskrywingspunt in dié verband verdedig wat téén die aanbeveling van die tydelike kommissie van die sinode met 'n meerderheid van meer as 100 stemme aanvaar is. Dit is naamlik na die Regskommissie van die betrokke sinode verwys, en sal later vanjaar weer voor die sinode dien.

Voor die streeksinode Noord-Transvaal sal DV ook later vanjaar 'n beskrywingspunt dien wat rond-uit sal vra dat dié sinode hom uitspreek ten gunste van die naamsverandering van die Ned. Geref. Kerk.

Die voorvoegsel "Nederduits" word deur niemand meer verstaan nie, selfs nie my Hollandse buurman nie, en niemand het die noodsaak van die naamsverandering beter uitgedruk as prof. JA Heyns nie toe hy na die aanvaarding van Kerk en Samelewing (ook deur prof. Carel Boshoff) gesê het die NG Kerk sal 'n Afrikaanse Gereformeerde Kerk bly.

As die beswaardes in die NG Kerk onder leiding van dr. Willie Lubbe nou op 27 Junie tóg oorgaan tot nuwe kerkstigting (waarteen dr. AP Treurnicht hom by herhaling uitgespreek het), en hulle wil die naam "Afrikaanse Gereformeerde Kerk" gebruik, wens ek hiermee te verklaar dat dit nie oorspronklik sal wees nie en in stryd met wat die NG Kerk wesenlik is. Dit is oorbodig om te sê dat ek daar niks mee te doen het nie, en dat ek nie kan sien hoe dr. Lubbe hom teen 'n klag van skeurmakery kan verweer nie. Die Skilpadsaalbyeenkoms het hom ten gunste van kerkstigting uitgespreek as daar nie aan sekere vereistes voldoen word nie, en dr. Lubbe-hulle se Voortsettinskomitee werk in die verlengde van dié opdrag.

**Lees ook die bydrae elders in hierdie uitgawe getitel "Terugblik op die verkiesing".**

### AKTUALITEITSKURSUS

**Tema:** Wedergeboorte en bekering in verbondsperspektief
**Datum en plek:** 10 en 11 Augustus 1987, Opvoedkundegebou, k2-27, Universiteit Pta
**Sprekers:** proff. JH le Roux, JG vd Watt, JA Heyns, AC Barnard en M Nel
**Respondente:** prof. JJ Burden, drr. W Nicol, CJA Vos en M Malan

### TE LEES IN HIERDIE UITGAWE

*Hoe mens met sonde graf toe gaan*
*Nico Steenberg en sy 1948 De Soto*
*Toerusting van kerkraadslede*
*Sinvolle kerkhou vir kinders*
*Waarom kritikasters moeilik hemel toe gaan*
*Dat die wyse manne nie wys was nie*
*Abisag se wittebroodsreis*
*Terugblik op die verkiesing*

AKTUEEL

# SONDE EN DORINGS

Dit is ironies dat daar meermale mense is wat meen, selfs skryf, dat ek sonde minag; selfs goedpraat. In werklikheid is ek 'n mens wat soms vrees dat ek my balans, my kop sal verloor, van my sinne beroof sal word oor die verskrikking van die sonde.

'n Jaar of twee gelede het ek êrens geskryf dat ek diep in my hart tog maar die gedagte gekoester het dat ek een of ander tyd die ergste sondes gaan oorwin, en toe met 'n skok agtergekom het dit gaan nie gebeur nie. My sonde word net al meer. Dit sneeubal, soos die sonde in die geskiedenis van Israel.

Maar die feit dat dit my geskok het, loënstraf die suspisie dat ek dit weg- en aflag. My sonde is vir my soms absoluut angswekkend. En die ergste is dat ek aan van die ergste daarvan niks meer kan doen nie. Dis onherstelbaar; so min as wat 'n moordenaar sy slagoffer weer kan laat lewe.

Dit is dáárom dat ek net kan leef by die versekering dat God my vergewe het toe Hy Christus se soenverdienste onverdiend aan my toegereken het; dit aan mý toegeskryf het. Dis al wat my enigsins met my gewete kan laat leef, maar dan moet ek ook nog veg teen ongeloof. (Sê nou ek verstaan tóg êrens iets verkeerd... Maar geloof is nie reg verstaan nie; selfs glo red nie.)

Ek het baie al gewonder waarom dit so moet wees. Nie afgetrokke en teoreties nie, maar met leed in my hart, wonder ek dit. Hoekom moet ek so ly onder die sonde terwyl so baie mense voorspoedig, vet en gesond is, sonder kwellings. Veral dié wat watersport beoefen. In die moeite van sterwelinge is hulle nie, en hulle word oënskynlik nie geplaag nie. Egter nie net onverskilliges, soos JR, nie, maar ook (en veral) godsdienstige reuse. Mense wat dink dat hulle voorbeeldige lewens lewe, en dit brutaal of beskeie aan ander voorhou.

> *Al waarby ek nog kan leef, is dat God Christus se soenverdienste aan mý toegeskryf het.*

En mense wat in hulle boekies en traktaatjies die sonde afswak tot trivialiteite; onbenullige glipsies. Nie die gróót sondes wat ander mense pleeg nie, soos moord, egskeiding, diefstal en hoogverraad nie, maar die sondetjies waarmee wedergebore wenners klaargespeel het. Nou en dan 'n glipsie, 'n lapsus hier en daar.

Wat dan van die vroom bedrog? Die diefstal van God se heiligheid? Die kerklike geknoei en gemanipuleer? Haat God nie Fariseïsme nie? En arrogante selfversekerdheid? Gesond en vet is hulle lywe; volkome stompsinnig hulle gewetes.

* * *

**SWART OP WIT**

Redakteur: Manie Malan
Mederedakteur: Elmer Erlank
Administrasie: Annatjie Malan

ADRESSE
Bydraes: Die Redakteur, posbus 15185, Lynn East 0039
Tel: (012) 821105
Administrasie: Claritas, posbus 15621, Lynn East 0039
Tel.: (012) 821105

OUTEURSKAP
Alle artikels waarby die outeur nie vermeld word nie, is van die redakteur.

KOSTE
Intekengelde beloop R20 per keer en is vooruitbetaalbaar. Een uitgawe van 20 bladsye kos ongeveer R3.

FREKWENSIE
SOW verskyn telkens as hy gereed is, maar nie meer dikwels as een keer per maand nie.

Ek wonder hoe Jakob gevoel het al die jare waarin hy ná die Jabbok moes hinkepink. Onherstelbaar soos 'n verstandelik vertraagde kind. Ek kan my dit vaagweg voorstel. Soos Paulus toe die Here sê nee, die doring in jou vlees waarmee die engel van Satan jou steek en slaan, sal nié uitgetrek word nie, want dan sal jy nie meer verstaan hoe my genade genoeg is nie.

*Wat van al die vroom bedrog? Die kerklike geknoei en gemanipuleer van wedergebore wenners?*

Kyk, as ek gedrink of gerook het, kon ek ophou; as my opvlieënde humeur hande-uit geruk het, kon ek 'n psigiater gaan spreek; as ek gevloek het, kon ek begin bid, as ek gehoereer het, kon ek te oud word daarvoor. Maar as ek aan die kruis hang omdat ek 'n moord gepleeg het, hande en voete vas, is daar niks anders op Gods aarde wat ek kan doen nie as om vir Jesus te sê: Dink aan my Here, in u koninkryk — daar waar U aan die regterhand van die Vader sit. Die Vader van alle barmhartigheid.

*As jou sonde so groot is soos 'n moordenaar s'n wat sy slagoffer nie weer kan laat leef nie, kan jy daar niks anders mee doen as om daarmee na God toe te vlug nie.*

Voorheen het ek gedink ek verstaan dit. Maar ek het dit klaarblyklik nie goed genoeg verstaan nie. Dis nie maklik om bankrot te wees nie. Dit is vernietigend. Maar daar sit één groot voordeel in: dan verstaan jy wat Jesus en die Gees sê as Hy sê salig is die armes, en dié wat nou treur. Jy begin troos verstaan, en jy kry die saligheid nie anders as uit die mond en die hand van God nie.

Een van die grootste probleme in die kerk is dat die mense nie regtig die geleentheid gegun word om die sondaars te wees wat hulle is nie. Die sonde word gereduseer tot 'n *moontlikheid* (Kierkegaard), en die arme mens die geleentheid ontneem om met sy sonde na Jesus te gaan en vergifnis te ontvang.

# TERUGBLIK OP DIE VERKIESING

## DIE EENHEID VAN DIE KERK

*1 Kor. 1:10: "Ek doen 'n beroep op julle almal in die Naam van ons Here Jesus Christus om eensgesind te wees. Daar moet geen verdeeldheid onder julle wees nie. Julle moet een wees in dieselfde gesindheid en met dieselfde oortuiging.*

As 'n kerklike skrywer wat aktueel wil wees nie iets sê oor die pas afgelope verkiesing nie, is hy sy sout nie werd nie. Die kerk mag oor alles praat. Veral oor die dinge van lewe en dood. Stel jou voor dat daar 'n oorlog uitbreek, en die kerk maak of hy nie daarvan weet nie. Stel jou voor dat ons ophou om te bid vir ons kinders op die grens.

Maar in 'n land soos Suid-Afrika — waar feitlik almal wat aan die verkiesing deelgeneem het, minstens nomineel Christene is, en dit in al die partye se grondwette staan, mag die kerk nie politiek praat nie. Die kerk moet oor die politiek praat, maar politiek mag hy nie praat nie. Hy mag dit nie doen nie, ook omdat hy die waarheid nie in pag het nie. Die kerk weet nie wat die politieke oplossings vir Suid-Afrika is nie. As 'n dominee dink hy weet, moet hy sy toga ophang en parlement toe gaan — soos ds. Andries Treurnicht of ds. Dawie de Villiers.

* * *

Ek wonder of Paulus Rom. 13 presies só sou geskryf het as hy dit 40 jaar later geskryf het. Toe hy dié brief aan die hoofstad van die Romeinse Ryk, en daarom aan die wêreld (en ons) geskryf het, is die Christene nog nie vir die leeus gegooi nie. En Paulus was 'n geëerde Romeinse burger. Hy was een van die elite van daardie beskawing wat stemreg gehad het. Hy kon die befaamde woorde van homself sê: civis Romanus sum — ek is 'n Romeinse burger. Hy het dit ook gedoen in Hand. 22:25. Daarom kon hy ook aanspraak maak op 'n

verhoor in Rome; (iets wat Jesus nie gedoen het nie, al kon Hý 'n legioen engele ontbied het wat op gereedheidsgrondslag gestaan het).

Ek wonder of Paulus Rom. 13 net so sou geskryf het as hy die bloedige vervolging van die Christene oor die loop van 200 jaar gesien het. Of in die Hervorming. Die bloedige St. Bartolomeus-nag wat die Franse Hugenote ook na Suid-Afrika laat vlug het. Ek wonder of Paulus nét so sou gesê het: julle moet aan die owerheid gehoorsaam wees. Wat hy ook al van jou vra, moet jy doen. Belastings, aksyns, AVB, ontsag, eer.

> ***As 'n dominee dink hy weet wat die politieke oplossings vir Suid-Afrika is, moet hy sy toga ophang en parlement toe gaan — soos ds. Andries Treurnicht of ds. Dawie de Villiers.***

Ek wonder of hy nie ook hiér — soos Petrus en ander apostels in Hand. 5 — sou gesê het: 'n Mens moet God meer gehoorsaam wees as die mense? As die Romeinse magistratus die beeld van die keiser voor jou neersit, en sê jy moet die beeld aanbid; jy kan die gebedjie agter hom aansê. Anders moet hy, teen sy sin — want uit die ondersoek het geblyk dat jy 'n eerbare landsburger is — jou laat onthoof...

Nee, ek wonder nie, ek weet. Paulus sou nooit gesê het ons moet die owerheid gehoorsaam as die owerheid ons wou dwing om beelde te aanbid nie.

Maar dit is dan ook die enigste Bybelse grond vir burgerlike ongehoorsaamheid: as die owerheid, die goewerment, jou godsdiensvryheid wegneem en jou beveel om afgode te aanbid. Dis die enigste uitsondering. In álle ander gevalle moet ons doen wat die wet sê.

* * *

Is dit dan sonde dat dié wat nie met die beleid van die huidige regering saamstem nie, daarteen protesteer? Was al die protesterende plakkate van die verkiesingsdag dan sonde?

Nee, geheel en al nie, want ons leef in 'n demokrasie. Ons leef in 'n regeringsvorm waarvan Paulus niks geweet het nie — al het hy 'n geweldige bydrae daartoe gelewer.

U kan maar self nagaan — daar is nie egte demokrasieë waar die Christelike geloof, veral die Protestantisme, óns godsdiens, nie 'n deurslaggewende invloed uitgeoefen het nie. Die Griekse en Romeinse beskawings het hulle deel daartoe bygedra, én die goddelose Franse Rewolusie, maar ek is heeltemal oortuig dat niks so 'n groot bydrae gelewer het tot die demokratiese regstaat soos die Christendom nie.

Die Christendom het die eerste saadjies gesaai: almal wat maar ore het, mág glo wat die evangelie sê. Alle volke, tale, nasies. Die genade van God het aan alle mense verskyn. Nie net meer Jode nie, maar álle mense word nou kinders van God.

Op die lange duur kon die politiek hierdie invloed nie weerstaan nie. Almal kan broers en susters wees. Daar is nie meer vrymanne én slawe nie; nie meer Romeine én barbare nie. Al het die Engelse empire nog in ons ouer mense se leeftyd gepraat van Britishers and others. Een van ons gereformeerde kerke se belydenisskrifte sê in soveel ronde woorde: daar is nie één volk wat in die nuwe bedeling belangriker is as 'n ander nie. Die genade van God het aan álle mense verskyn. Ook aan die lui, vraatsugtige, dierlike Kretense oor wie Paulus aan Titus skryf. Juis aan Titus skryf Paulus dat die genade van God aan álle mense verskyn het. En dan sê hy: leer hulle ook om aan die owerheid gehoorsaam te wees.

En die manier waarop die politieke wêreld hierdie Christelike vryheid verwerk het, is die demokrasie. Die stelsel met die meer as een party wat vryheid van spraak het, en wat by die stembus kan meeding om die kruisies van die burgers. Die stelsel wat elke volwassene die voorreg gee om sáám te regeer. Om 'n sê te hê.

> ***Paulus sou nooit gesê het ons moet die owerheid gehoorsaam as die owerheid ons wou dwing om beelde te aanbid nie.***

Ook die stelsel met 'n amptelike opposisie, en met 'n leier van die opposisie, wat ongestraf mag opstaan en 'n mosie van wantroue in die regering mag stel. Hy móét dit doen. Dit word van hom verwag. Hy moet alle moontlike korrupsie oopvlek. Niemand mag sy mond snoer in die parlement nie. Parlement beteken "praathuis". Die opposisie is deel van die demokratiese regeringstelsel. Dit is deel van die owerheid vir wie ons op bevel van die Bybel moet bid.

Kan u sien hoe die kerk in Suid-Afrika nie politiek mag praat nie? Nie regeringspolitiek nie, en ook nie opposisiepolitiek nie. Hy mag óór die politiek praat en hy moet vír die politiek bid. En hy moet

die mense aanspoor om wetsgehoorsame burgers te wees. Dit is deel van die goeie werke wat hulle moet doen om vir God dankie te sê vir hulle verlossing.

* * *

En hulle moet vir God dankie sê dat ons in die kerk één mag wees. Verkiesingsdag was ons nie één nie. Al was ons, in Roodeplaat altans, hoofsaaklik Afrikaners, ons was nie één nie. Vergun my die privaat sinnetjie om te sê: dit was vir my baie swaar. Na ek alles oor die demokrasie gesê het, wat waar is, en waarby ek staan en val, kan ek nie anders as om te sê dat dit vir my swaar was nie; die drie tente, en dáár staan broer dié, en daar staan suster dié, en by die derde tent broer so-en-so. 'n Mens moes dapper wees om dit te kon deurstaan. Ek was drie jaar lank 'n halwe weeskind terwyl my vader toegesluit was deur die regering — seker ten regte want ons moet aan die regering onderdanig wees; en tóg, die hof het hom onskuldig bevind en toe is hy geïnterneer onder noodregulasies. Ons het hard gewerk vir eenheid en ware onafhanklikheid, en ek kan nie iets anders as 'n Afrikaner wees nie. Daarom het my hart in my geskeur daardie Woensdag die 6de, en is ek twee nagte lank deur my ylende drome verskrik soos die heidense Farao van ouds.

> ***Die manier waarop die politieke wêreld die Christelike vryheid en sy oop-vir-almal-karakter verwerk het, is die demokrasie.***

En daarom het ek die Woensdag en die Donderdag ook verlang na die Sondag; na waar ons weer één kan wees. Broers en susters van die Here Jesus en kinders van één Vader in die hemel. Na die kerk waar die Here ons trane kan afvee, en die skok uit ons harte kan troos met sy Gees.

> ***Al maak en breek dit in die politiek, in die kerk moet die suising van 'n sagte stilte wees. Wat skeur in die politiek, moet ons hier weer heel laat wees.***

En sodat ek kan pleit dat ons tog nóóit hiérdie eenheid moet verbreek nie. Al maak en breek dit in die politiek, hiér moet die suising van 'n sagte stilte wees. Hier moet ons hande vat. Wat skeur in die politiek, moet ons hiér weer heel laat wees.

Wie hierdie reëls nie toepas nie, mag nie nagmaal gebruik nie. Die formulier sê dat almal wat tweedrag sektes en muitery in kerklike en wêreldlike regerings aanstig, hulle van die nagmaal moet weerhou, of tot berou en bekering moet kóm.

En in 1 Kor. 1:10 doen Paulus in die naam van God 'n beroep op ons om eensgesind te wees. Daar moet geen verdeeldheid onder ons wees nie. Ons moet één wees in dieselfde gesindheid en met dieselfde oortuiging. En in 1 Kor. 3:17 sê die apostel as iemand die tempel van God skend, sal God hóm skend — as hy ook oor die eenheid van die kerk praat.

Daar is net één rede om die owerheid ongehoorsaam te wees, en dit is as die owerheid jou verhinder om die enige ware God te aanbid. Maar daar is géén rede om uit die kerk pad te gee nie. Veral nie die politiek nie. In die kerk bly ons vir die waarheid getuig, binne-in die kerk, totdat die kerk — soos wat in die Hervorming gebeur het — die protesterende protestante uitgooi en uitban. Dink daaroor dat die NG Kerk in 450 jaar nog nooit uit 'n ander kerk weggebreek het nie.

* * *

Kyk, ons het 'n demokrasie. In die sake van die dag kan ons dit dáár met mekaar uitspook. Ons kan daar ook bid vir eenheid, en die verdeeldheid maak ons daar seer, maar vir die huidige kan ons daar nie veel aan doen nie. Die geskiedenis sal moet leer.

> ***Daar is géén rede om uit die kerk uit pad te gee nie, veral nie politieke redes nie. Hoe kan ons die liggaam van Christus weer in stukke wil breek?***

Maar hier in die kerk moet ons één wees. Ek pleit daarvoor en ek vra dat u hierdie boodskap moet uitdra na elke hoek van ons land. Die Here Jesus het daarvoor gebid. Hy het in Joh. 17 gebid dat ons één moet wees soos die Vader en die Seun één is, sodat die wêreld kan glo dat God sy Seun gestuur het. Die verdeelde wêreld.

Die Here Jesus het sy liggaam vir ons op die kruis gebreek en ons daarmee van die hel gered. Toe het Hy ons in sy liggaam ingelyf met die doop; Hy het ons in-geliggaam, ons in die ware wynstok ingeënt. Hy het gesê die kerk is sy liggaam, en sy Gees waarborg die eenheid tussen ons en Hom, want sy Gees is in Hom én in sy kerk. Dis één liggaam. Hoe kan ons die liggaam van Christus weer in stukke breek?

Ons kan dit tog nie doen nie. Ons moet eerder ly onder die gebreke van die kerk, maar ons mag nie die kerk skeur nie. Ek pleit by u: Ons mag nie die kerk skeur nie...

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/3 MEI 1987*

# DIE ANTWOORDMASJIEN

*Net dwepers sê rekenaars kom van die antichris.*

'n Predikant kan nie 'n sekretaresse bekostig nie, en die kerk is meesal traag om te waag om een te voorsien. Daarom het ek vir my 'n telefoon-antwoordmasjien gekoop. Een wat eers met jou stem sê dat jy nie hier is nie, en jou dan nooi om na die pieep 'n boodskap te laat. (Die een jy is ek, en die ander een is jy.)

Dis 'n opwindende affêre. Net so opwindend soos die pos, as jy terugkom van jou rondes af. Wie se stem staan hiérdie keer op die band...?

Gister het my eerste regte meisie my gebel. Ek was in standerd agt en sy in ses. Dertig jaar gelede. O, wat 'n groot liefde was dit. Haar stem klink nog net dieselfde. Gelukkig was niemand tuis nie. 'n Mens wis die opname uit met die druk van 'n knoppie.

Wonderlike apparate, die antwoordmasjiene. Maak selfs digters van dominees.

*U word bedien*
*deur Manie Malan*
*se antwoordmasjien*

* * *

DIE mooiste stories oor antwoordmasjiene kom egter uit Holland, waar elke tweede telefoonhuurder een het.

Fons Jansen vertel hoe hy bel en die volgende antwoord kry:

"U spreek met die antwoord-apparaat van die familie Boonstra. Die familie Boonstra is nie tuis. Wag! Net 'n oomblik. Hier kom hulle nou net aan!"

By geleentheid bel hy weer die Ryksmuseum (waar al die Rembrandt-meesterstukke hang). Hy bel naure met die verwagting om van die antwoord-apparaat te verneem hoe laat die museum die volgende oggend oopmaak. Tot sy verbasing antwoord 'n mens.

"U spreek met die Nagwag."

Wil jy glo. Die Nagwag.

Toe sê hy maar: Hallo, Meneer, is die Staalmeesters tuis? Jy moet tog iets sê.

* * *

IN Holland kry 'n mens nooit 'n besettoon as jy 'n publieke diens bel nie. 'n Antwoord-apparaat met die verstand van 'n rekenaar vang jou op en laat jou toustaan.

"Daar is nog twaalf wagtendes voor u", sê 'n welluidende damestem. "Daar is nog twaalf wagtendes voor u. Daar is nog twaalf wagtendes voor u." En soos wat die oproepers voor aan die tou geholpe raak, verander die vroulike gemasjineerde stem: "Daar is nog elf wagtendes voor u..." Totdat sy sê dat daar nog net een wagtende is, en dan kom die nimlike amptenaar lewendig aan die woord.

Wonderlik tog, al die seëninge van die moderne samelewing.

Dieselfde Fons Jansen vertel — van seëninge gepraat — dat hy by geleentheid 'n oproep gemaak het na 'n foonsnol. Hy dag: waarom sal hy nie ook 'n keer die weeldes wat die lewe bied geniet nie. Waarom kan net ministers en vieserikke in dié luukse deel. Hy kom uit 'n goeie familie. Hy het ook aanspraak op die goeie dinge in die lewe.

Toe kom hy uit by 'n antwoord-masjien.

"U spreek met die antwoord-apparaat van Swarte Bea. Daar is nog vyf en dertig smagtendes voor u."

* * *

Iemand het op 'n nag ons telefoon-antwoordmasjien uit ons kerkkantoor gesteel. Die gemeente s'n. Dit was die tipe wat 'n prekie uitsaai as jy na-ure die kerkkantoor bel.

Toe sê ons flinke jeugdige onderleier-ouderling, Jannie Peens, ons moenie bekommer nie, as die dief eers na die boodskappie geluister het, sal hy hom terugbring. (En my kollega sê dis jammer hy het nie liewer die afrolmasjien gesteel nie, want ons kort 'n nuwe een.)

Dit het my laat dink aan die inbreker wat ook niks waardevols kon kry nie, toe steel hy maar die papegaai.

En skielik sê die papegaai: "Haai! Wat doen jy."

Toe sê die dief: "Skies tog Baas! Ek dog die Baas is 'n hoender..."

* * *

Vreemd dat so baie mense wegskram van die gebruik van tegniese hulpmiddels – soos rekenaars en antwoordmasjiene. Sommige is selfs bang daarvoor. Sommige dwepers sê rekenaars is van die Antichris.

Ek voel daar heeltemaal anders oor. Ek maak liewer van 'n masjien 'n slaaf as van 'n mens.

# DIE NUWE KATKISASIEBOEK VERVOLG

In die vorige uitgawe van ons blad is die eerste aflewering geplaas van 'n volledige bespreking van die nuwe NG Katkisasieboek vir st. 5, "Ken en Vertrou". Dit is gedoen onder die opskrif " 'n Katkisasieboek op twee stoele" – vanweë die dubbelsinnigheid wat die boek deurgaans kenmerk.

Hierdie bespreking word nou voortgesit, en afgesluit met 'n beoordeling van die taal en styl waarin die boek opgedis word.

### Die doop

Voor die behandeling van die doop, lê les 23 (bl. 145 e.v.) wat 'n terugblik is en waarin die dubbelsinnigheid opgesom word. Jy het alles geleer wat Jesus vir jou "gedoen het". Lesdag 6 se opskrif sê "dis vir my gedoen", maar die les self sê Hy het dit gedoen sodat "mense" gered kan word en dis nie joune nie voordat jy dit nie vir jouself "toe-eien" nie. Daarom moes les 21 jou leer "hoe". Die skrywer(s) moes seker aangevoel het dat die punt nie duidelik gestel is nie, daarom vra hulle die kind moet tog weer daarop let wat hy "regtig bedoel" as hy sê dat Jesus sy Here is, en dat hy "doodseker" moet maak dat hy "presies weet" waarmee hy die afgelope kwartaal besig was. (146,148) Ek kan nie dink dat en hoe die kind dit sal weet nie.


Maar nou die doop. "God se merk op my kop."

Lesdag 1 begin goed. Met die doop sê die Here vir jou: "Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne!" Maar die boekie haas hom om vir 'n misverstand te keer. Beteken "die bietjie water op sy voorkop" dat hy "hemel toe gaan?" Nee!, roep hy uit, terwyl die antwoord ja! moes wees. Die doop be-teken en ver-seël dat jy gered is, sê die doopformulier self. Tereg sê die boekie jy word nie deur die doop gered nie. Niemand by sy verstand beweer dit nie, maar elkeen by sy verstand weet dat die doop dit be-teken, verseël, sertifiseer, waarborg, swart op wit.

Die boekie verstaan hier niks van nie. Hy sê die doop is "net" 'n teken wat deur God "uitgedink" is om jou te "herinner" om *"daardeur* jou geloof sterker te maak." (My beklemtoning.) Dit is minder as 'n halwe waarheid, 'n verswakking van die sakrament tot byna niks. Dan kan jy eerder 'n video wys.

Die volgende paragraaf het vaagweg een sinvolle sakramentele sinnetjie oor die "bewys van iets anders wat ons nie kan sien nie", en spring dan lomp oor na die verbond – wat die "naam van 'n ooreenkoms" genoem word (153), en die res van die hoofstuk handel dan oor die verbond.

Ek kan tog nie oor elke sin kommentaar lewer nie, hoewel 'n mens sou kon.





Die basiese struktuur is dat God wel dinge vir jou doen en beloof, máár dat jy ook jóú kant moet bring. "Jy moet antwoord!" "Jy moet iets doen." "Wat maak jy daarmee?"

"Maak dit al by jou 'n verskil?" "Toe jy gedoop is, het God die volgende dinge van jou verwag." "Die doel van die verbond is nie net om jou van God se liefde te verseker nie. Jy moet daarop antwoord met geloof, bekering en heiligmaking." (155/6) Alles in 'n halwe bladsy.

Dis nie dat dit so verkeerd is nie. Dis net dat die angsvalligheid waarmee die moontlikheid van eensydige genade (sola gratia) vermy word, nie anders kan as om jou te tref nie. 'n Mens moet verskriklik onskuldig wees as die suspisie van sinergisme glad nie by jou opkom nie, en die standerd vyfs sal baie skerpsinnig moet wees om nie met dié samewerkingsidee groot te word – soos duisende – nie. Die verbond is nie voorwaardeloös gegéé nie, maar op voorwaarde dat!, aldus die teologie van die leerboekie. As God in die verbondsteks (wat die meeste van al die tekste in die Bybel voorkom) sê dat Hy ons God sal wees en ons sy kinders, dan sê dié boekie daar staan eintlik *mits* julle my kinders sal wees, of: *maar dan* moet julle my kinders wees. Gelukkig het Izak de Villiers dit suiwerder verstaan in Ges. 177:

*En hy sal vind*
*hy is my kind*
*Ek is 'n God vir hom*

(Vreemd dat iemand toe in die eerste uitgawe van die gesangeboek die "hy's" en die "hom" van vers 4 met hoofletters gespel het. Wat doen ons tog alles gedagteloos en lapsus-gewys. Dis soos die dae toe die doopformulier per abuis en per drukkersfout gesê het dat die doop die "opregtheid", in plaas van die "onreinheid", van ons siele aandui en die proeflesers dit so laat deurgaan en dit maar so aan die mense voorgelees is.)




Net nog wat die verbond betref hoor ek onlangs dat iemand wat 'n sleutelposisie beklee in die kerklike publikasiewese aan 'n Kerkbodeleser geskryf het dat sommige predikante nie tevrede is as die woord "verbond" en "doop" nie op elke bladsy van 'n boek voorkom nie.

By die eersvolgende doopkategese let ek toe spesiaal daarop dat my eie boekie oor die doop, "Die Groot Belofte", feitlik nooit die woord verbond gebruik nie. Dis 'n óú woord wat so gelade geraak het, dat ek dit byna nooit gebruik as ek dit nie verduidelik nie – dat ons al aan God verbond-e was voordat ons dit nog geweet het. Ons kan net sowel vir st. 5 kinders sê God het ons teen sy hart gedruk, en ons wonde verbind; só is ons aan Hom verbonde.

> ***Die boekie sê die bietjie water op jou kop beteken nie dat jy hemel toe gaan nie, maar die doopformulier sê dit beteken presies dít.***

Terug na die boekie word die kinderdoop verduidelik as iets wat in die plek van die besnydenis gekom het en jy is as kind gedoop "omdat jou ouers aan die bevel van die Here gehoorsaam wou wees." (157) Kan standerd vyfs net bevele- en gehoorsaamheidsverduidelikings verstaan? Was dit die advies van die opvoedkundige didaktici op die paneel? Sal hulle nie kan verstaan as ons sê ons doop die kindertjies omdat God ons die hemel persent gee sonder enige meriete, sonder enige iets-doen van ons kant nie? Meer nog: dat as God ons moes gee wat ons verdien, ons die hel sou gekry het. Is dit onmoontlik om te verduidelik dat die kinderdoop op die genade van God en nie op kloeke gehoorsaamheid gebaseer is nie?

## Weer die geloof

Ek het nie beswaar dat daar ná die doop weer oor die geloof gepraat word nie, maar dan moet dit die ware geloof wees wat léég is. Nie dié "ware" geloof wat so sterk is dat hy die hemel kan oopsluit nie. (160) Mense moenie sê dat hulle die geloof nie "konstitutief" opvat nie en dan op bl. 159 prentjies toelaat wat die indruk skep dat die geloof 'n toelatingsvereiste is. "Watter van die volgende mense, dink jy, sal in die hemel toegelaat word?", staan by die prentjie. Die goedige enetjie wat hemel toe gaan, sê wel "ek gaan in die hemel kom, want Jesus is my Verlosser", maar dit is volkome verkeerd om te dink en om aan kinders te leer dat ons hemel toe gaan omdat ons (reg) glo. Ons glo dat God red, nie dat God ons sal red as ons (reg) glo nie. Dat my interpretasie nie verkeerd is nie, word op bl. 160, net ná die prentjie bevestig met hierdie woorde: "Daar is net een ding wat jy moet doen om in die hemel te kom. Net een! En dit is: jy moet glo."

Dan kan daar nog maar 'n entjie verder gesê word dat geloof die "grootste present" is wat God aan 'n mens kan gee. Dit versterk net die vermoede dat geloof opgevat word as iets met geweldige meriete, en dit is dieselfde argument as dié van die Fariseër wat Gód dank dat hy so goed is. Ek begin iets verstaan van ds. Botha se versugting dat iemand hom tog moet help om dié dinge vir standerd vyfs te verduidelik, as leraars in Israel dit nie eens kan verstaan nie. My ondervinding is egter dat kinders makliker verstaan as grootmense.

Nou skuif die boekie so bietjie na die ander ou stoel toe, maar ook nie te veel nie. Jy kan nie sommer enigiets glo nie, jy moet weet "van Jesus Christus en wat Hy gedoen het om jou te red." (161) Maar dadelik weer terug: Nie sommer net glo nie. Die Here verwag "'n vasstaande kennis



Na bl. 24

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/3 MEI 1987*

BYBELSTUDIE OU TESTAMENT

# DIE WITTEBROOD

*4:4: "Jou hals is soos die Dawidstoring wat uit rye klip gebou is."*

Hoofstuk 11 Studiegedeelte : Hoogl. 4:1–7

Ek raai dat die woord "wittebrood" uit die ou tyd van Holland kom en iets te maak het met die voorreg om in hierdie uitsonderlike dae wit/brood te eet. Of iets so lekker soos witbrood. (Toe het hulle nog nie geweet dat verfynde kosse byna verseker een van die grootste oorsake van karsenoom in die kolon is nie, en toe was molligheid nog'n deug en 'n bate.)

Ons vertrek nou, na die vorige hoofstuk se huwelik, saam met Salomo en Abisag op hulle huweliksreis.

Anema, 'n Hollandse kunstenaar in wie se geskrifte uit 1928 ek die eerste keer met die Abisag-hipotese kennis gemaak het, stel dit hom so voor dat Abisag nou in die rystoel ry, en dat Salomo langs haar loop en al die mooi dinge van verse 1 tot 7 aan haar sê — met die eerste huweliksnag in die vooruitsig.

Dis goed, maar dit moet nie al te letterlik voorgestel word nie. Dit sou tog nie ál woorde gewees het wat hulle gepraat het nie. Dis maar die poëtiese neerslag van die wonderlike rit daardie dag op pad na die noorde — na die jaghuis van Dawid (v.4) in die Libanonberge. Dis die gedig wat Salomo daarna daaroor neergeskryf het; voordat die wonder van die wonderlikste week in sy lewe deur die sorge en roetine van die lewe gedemp en soms versmoor word.

'n Gedig, die kortste vorm om die waarheid te sê. Dig op mekaar.

"Jy is mooi, my liefling, jy is mooi..." (1) Ek dink hy het of wou dit 'n duisend keer sê. Dis so die eerste woorde op iemand wat liefhet se lippe, in die oomblikke wanneer hy dit mag begin sê. Is Abisag dan nie as die mooiste meisie in Israel uitgesoek nie. Jy is mooi. Jou oë is duiwe agter jou bruidsluier; asof hulle tóé al kleinogiesdraad geken het.

(Ek dink dis simbolies verkeerd dat die vader die bruid se sluier lig. Die bruidegom alléén het daardie reg. As daar nog 'n sluier is om te lig.)

Jou hare golf soos bokke teen die Gileadberge af. (1)

Jou tande is so wit soos geskeerde skape wat pas gewas is. (2)

Salomo volg dus ongeveer 'n dalende lyn. Hare, oë, tande, mond. Wat bewys dat die stortvloed voorligtingsboeke wat ons die kele afgedruk word, by Hooglied kon gaan leer het. (Nothing sells like sex. Dit was voor die Amerikaners uitgevind het hoe goed religion verkoop.) So min van dié boeke wat jou die tegniek wil leer, begin by die liefde. Hulle begin deur die mens te verdierlik. Intussen is daar niks wat die poorte van die mens se liggaam kan oopsluit, die mens se hart oopmaak, soos die liefde nie. Die boeke vertel almal, selfs lomp en kru, van die streling van die erotiese sones, maar as die liefde daar is, is streling met die oë al voldoende. Selfs vóór die gesigsluier gelig is.

Elke wit skaap het 'n tweeling. Opsigtelik sinspeel die bruidegom op haar eweredige tande. Al haar tande is tweelinge. Maar wat sou die betekenis wees van "nie een sonder 'n lam nie"? Waarskynlik beteken dit dat nie een tand ontbreek nie.

En die "skoon gewas"?

> ***Die stortvloed boeke en tydskrifartikels wat in ons kele afgedruk word om ons die tegnieke van die liefde te leer, kan by Hooglied gaan leer.***

'n Ou Duitse gesaghebbende Skrifverklaarder sê dit dui op die "saliva dentium", wat natuurlik Latyn is en niks anders beteken nie as nat tandjies. Tog wonderlik dat ons kans sien om sommige dinge in Latyn te sê maar nie in Afrikaans nie. Soms is dit valse skaamte, maar soms ook gesonde ingeboude skroom. Die versagting van eufemisme is tog nie dieselfde as Fariseïsme nie. As jy iets te kras by sy naam noem, ontbloot jy hom onbehoorlik vinnig.

Daar is baie dinge wat ons nie in die voorspel nie, maar eers in die middelspel kan sê – en wat dan die eindspel moontlik maak.

Saliva dentium dus. Nat tandjies. Hoe sou sy nou ook droëbek gelyk het.

En haar lippe is skarlakenrooi lint wat hom bekoor. (3) (Dit het nogal lank geneem voordat Salomo behoorlik aan die praat gekom het.)

Dan spring sy oë terug na die rooi (robyne?) op haar voorkop. Soos granaatpitte, steeds agter die sluier.

*Daar is baie dinge wat ons nie in die voorspel nie, maar eers in die middelspel kan sê – en wat dan die eindspel moontlik maak.*

Sou hulle toe al rooi lipstiffie gehad het? Sal my nie verbaas nie. Het ook nie die minste beswaar daarteen nie. Wie beswaar het, moet sy huis ook nie afwit nie.

Die versiersels aan haar nek, haar hals, herinner hom aan die burg (in die verte?), die toring van Dawid – waarheen hulle op pad is, en waarteen 'n duisend heldeskilde dekoratief hang.

En dan kom ons by die twee sagte torings wat Salomo twee takboklammers noem, die tweeling van 'n ribbok wat tussen die lelies wei. Dieselfde liefdesbokke wat in die drie klimaksverse genoem word. Die voorlaaste halte. Die simbool van die lewe. Van die moeder (Latyn "mamma") van die lewe wat die lewe in stand hou waaraan sy die lewe geskenk het. Die simbool van waarheid en egtheid.

Net ware, groot kuns kan 'n vrou se bors nakend boetseer. Daar moet waarheid in sit, en egtheid. Anders word dit pornografie. Maar as die inbors suiwer is, daag dit alles wat vuil en wellustig is; word dit 'n simbool van die waarheid en van die Paradys en van die Nuwe Jerusalem wat weer 'n maagd word.

As jy nie hiermee kan saamstem nie, as die naakte bolyf van 'n egte kunswerk vir jou preutse godsdiens vuil is, skrap dan Hooglied 4:5 in jou Bybel.

Dan kom die eindpunt. As dit aand word, as die aandwind waai, as die skadu's lank word of vlug (6) – ook al die skaduwees van al die nagmerries en eensaamheid – wil ek op my mirreberg klim, my wierook-liefdesheuwel. Dit bewys dat hulle op pad is. Dat die gedig hom afspeel tussen huwelik en eerste huweliksnag.

*Net ware, groot kuns kan 'n vrou se bors nakend boetseer. As u hiervan verskil, skrap dan Hoogl. 4:5 uit u Bybel.*

Dit is menslik van die mooiste wat daar in die Bybel is om te lees. Vergeet nie dat die Bybel self 'n vergelyking maak tussen óns gemeenskap en die gemeenskap van God met sy bruidskerk nie. Hy doen dit nie om sy gemeenskap neer te haal nie, maar om ons s'n te verhef.

*Alles aan jou is mooi, my liefling*
*alles aan jou is volmaak.*

# Swart op Wit Politiek

'n Potensiële intekenaar vra wat SOW se beleid is oor politiek. Is dit 'n blad wat hom met die politiek bemoei? Ek sê nee, behalwe insoverre as wat hy die kerk en die kerklikes probeer oorreed om nie kansels vir politiek te misbruik nie, en sinodes om nie telkens weer (nuwe) regeringsbeleid te onderskryf nie.

'n Voorbeeld van hoe SOW dit doen is: 'n Erg beswaarde skryf in 'n verontruste blaadjie wat die ander beswaardes wil lei om te skeur as nie aan hulle eise voldoen word nie, dat die "Godgewyde Paulus" ook "prys gestel het" op sy "identiteit en selfbehoud" – verwysende na 2 Kor. 11:22.

Dit is loshande die grootste onsin wat ek nog suid van die Sahara gelees het. Paulus beskryf sy gespog met sy etniese identiteit: "Nou praat ek soos 'n dwaas..." (v.21); En: "nou praat ek asof ek van my verstand af is..." (v.23) Hy sê hierdie soort roem het géén sin nie. (12:1) Sou die hele aksie op hierdie soort dwaasheid gebou wees?

*BRIEWE MET VRAE*

# TÓG 'N VRYE KEUSE

*Dis al jare dat ek met u gesprek voer oor u stukkies in Die Kerkbode — soos oor die onlangse een oor die breë en smalle weg. As dié sê 'n mens kom by die gekruisigde Jesus uit nádat jy 'n tyd op die smal weg van "goed wees/doen" geloop het, dan stem ek honderd persent met u saam. Jesus self is die Deur, die Toegang, die Begin ...*

*Maar as jy dit nie glo, vir jouself aanneem en prakties beoefen nie, hoe kan jy dan deel daaraan hê?*

*Dis heeltemal onwaar dat mens eers self iets moet doen voor jy die ewige lewe, die vergifnis, kan ontvang. Selfs die geloof waarmee ons dit kan ontvang, is 'n gawe van God. Sy Gees werk dit in ons.*

*Maar nogtans is daar 'n keuse wat ek as mens moet maak. Ek weet kerke het al geskeur op hierdie punt. Maar dis een van die dinge wat mens eers daar Bo ten volle sal verstaan; twee treinspore wat parallel langs mekaar lê, albei feite: God se genoegsame genade én my keuse, Jes.24:15: Kies dan wie julle wil dien..., Joh.3:19: Party mense het die duisternis bo die lig gekies, Joh.5:39: Die geleerde wat die Skrif ondersoek het, het verkies om nie na Jesus te kom nie.*

*Die vader se genade is groot, dis waar. Jesus het vir alle sondaars gesterf. Maar die sondaars wat verkies om op enige ander manier gered te word, maar nie wil buig voor Jesus die gekruisigde nie, verbeur die genade. Dit lyk my dus: my eie saligheid uitwerk, of uitglo!*

*Het u al gesien hoeveel imperatiewe daar in Kolossense se praktiese deel is? En oral waar Paulus so onderrig. Aan die een kant noem hy al die heerlike dinge wat ons deel is en dan sê hy: Maak dood, lê af, beklee... Impliseer dit nie dat die gelowige 'n keuse het nie? Enige ding wat gesê word om te doen, kan ek mos òf doen òf nalaat? Jesus dring Hom nie op nie. Hy het ons gemaak met 'n wil om te kan kies.*

*Groete van 'n mede-sondaar/verloste —*

*(MEV.) KIETIE SMIT, SOMERSET-WES*

**ANTWOORD:**

**GLO IS NIE 'N VRYE KEUSE NIE**

Opvallend is dat die tekste wat u aanhaal om die vrye keuse te bewys, inderwaarheid die teenoorgestelde bewys. Josua se pleit word deur Israel só opgevolg dat hulle uiteindelik in die ballingskap beland; die mense kies ja, maar hulle kies die duisternis bo die lig (nie "party" nie); die Skrifgeleerde kies téén Jesus.

Dit is waarom die ware kerk al die eeue deur gesê het die mens se wil is nie vry nie, hy is 'n slaaf van die sonde, want hy kies konsekwent verkeerd. Sommige sê dit so: die keuse van die mens is vir die sonde, die keuse ten goede van God alléén. Nêrens word dit so helder gedemonstreer soos op die kruis nie: As die mense Barabbas kies en Jesus die wil van sy Vader — om die mense te red.

Daarom red Jesus ten slotte ook die mense téén hulle wil — terwyl hulle nog vyande van God is (Rom.3:23, 5:6) — alléén op die kruis. Hy sterf nie vir "al die mense" — sodat dan net dié wat reg kies gered word nie, Hy sterf vir die sonde van die wêreld. Genoeg dus vir ál die mense, maar nie outomaties vir ál die mense nie.

Wie word dan gered? Die wat glo. Dit behaag God om deur die dwaasheid van die prediking dié wat glo te red.

Maar wat glo hulle? Hulle glo nie dat hulle gered word omdat hulle reg kies nie. Hulle word nie gered omdat hulle glo of reg kies nie. Hulle glo, oorstelp van vreugde en verwondering, dat hulle gered word omdat God hulle (uit)gekies het, soos brandhout uit die vuur geruk het, hulle sonde vergewe het *om Jesus ontwil.* Hulle glo dat Jesus hulle op die kruis gered het.

En nou die kardinale punt: Hulle kan hierdie glo van hulle (waarvan die inhoud, dit is Christus, red) nóóit as 'n "vrye keuse" beskryf nie. God het hulle met die evangelie *om-gepraat,* Hy het hulle ore oopgepraat, Hy het hulle met sy magtige be-Geesterde evangeliewoord uit die dood opgewek soos

met Esegiël die vallei vol doodsbeendere; Hy het hulle met sy Gees gemáák glo, Hy het te sterk vir hulle geword, hulle met sy genade oorrompel. Hoe kan hulle dit as 'n "vrye keuse" beskryf? "Voordat ek kon kies, kon vra ... kon soek, U het mý gevind..." (Ges.10:2)

Dáárom sê ons: geloof is léég, dis niks, dit kan nét ontvang, nie bydra nie. Ons enigste bydrae tot die reddingsgebeure is die sonde, en die niks doen van die drenkeling om gered te word. Dáárom, en daarná, pleit Paulus op grond van dié groot ontferming van God by die gelowiges om dood te maak, af te lê, te beklee. Maar dit geskied hoegenaamd nie in 'n atmosfeer van doen of los nie, inteendeel, Paulus sê ons het nie 'n keuse nie: Hoe kan iemand wat saam met Christus (in die doop aan die kruis) gesterf het, die sonde af-gesterf het, nog daarin voortlewe? (Rom. 6:2)

Dankie vir u eerlike brief waarin u om die waarheid worstel. Moet tog net nie in dié drogredenasie verval nie dat God wél voorwaardes stel, soos dat ons soos in 'n monkey puzzle die regte alternatief moet kies, maar ons dan onder die tafel deur die regte antwoord gee. Teologies heet dit: God stel voorwaardes, maar stel ons dan genadiglik in staat om aan dié voorwaardes te voldoen, soos 'reg kies.

---

**BYBELSTUDIE NUWE TESTAMENT**

# *DIE STERREWIGGELAARS*

**Studiegedeelte: Matt.2:1—12**

*Teks:2:1b: "Kyk! sterrekykers uit die ooste het in Jerusalem aangekom." (Eie vert.)*

By die klein, groeiende, skare getuies rondom Jesus kry ons nou seker die merkwaardigstes by. "En kyk", sê Matteus, "behold", "Mirabile dictu!": Sterrekykers! Was die ervarings van Maria, Josef, Sagaria, Anna, en veral die trop skaapwagters, al raar, hiér kom nou 'n paar manne aan wat niemand op aarde hiervoor sou uitgedink het nie.

Waarom?

'n Onwaarskynlike, onbevooroordeelde en onbetrokke getuie is altyd 'n goeie getuie. Hy het niks te wen of te verloor nie. Hy het maar net daar gestaan, en toe sien hy, en wat hy gesien het, sê hy. Die waarskynlikste getuie wat 'n mens by Jesus se geboorte sou gesoek het, is 'n Seloot. Die Selote was vuurvreter nasionaliste, en as 'n koning vir die Jode gebore kon word, sou hulle hul bene afgehardloop het daarvoor. Maar hierdie klas mense skitter in hulle afwesigheid. God stuur sterrekykers. Magoi. Magi, sê die Latyn. Vanwaar die Engelse "magicians", towenaars. Mense wat met magic kan omgaan.

Daar is dus geen sprake van "wyse manne" nie. Ook hier moet ons nie probeer om hierdie vreemde heidense besoekers meer respektabel te maak as wat hulle is nie. Die vrome gereformeerde William Hendriksen worstel tog so daarmee en kry uiteindelik sy argumente so ingespan dat "astrologers" "astronomers" word. Hy lê selfs 'n verband tussen die Griekse woord "magos" (van Iranese afkoms) en die Latynse "magnus" wat "groot" beteken — omdat die Iranese woord dan 'n wortelbetekenis van "groot" of "magtig" het. Die magos, Bar-Jesus, van Hand. 13:6,8, wat niks anders as 'n groot toordokter was nie, was dus groot in sy eie oë, en in dié van sy misleide bewonderaars, maar die magoi van Matt. 2, sê Hendrinksen, was "truly great, that is great in the eyes of God — such were the wise men whose story is told in Matt. 2". (New Testament Commentary, Matthew, p. 151,2)

> *Hier is geen sprake van wyse manne nie. Enige konstruksie om skaapwagters of sterrewiggelaars ordentliker te maak, is onnodig en op misverstand gegrond.*

Ek dink enige konstruksie om skaapwagters of sterrewiggelaars ordentliker te maak, is onnodig en op misverstand gegrond. As God die kinders kan uitkies om die grotes te beskaam, en om te bewys dat dit Gód is wat optree, kan Hy ook mense uit die Ooste gebruik wat onder die Joodse geleerdes géén aansien geniet het nie.

Daarom kan Matteus skrywe dat daar net na die geboorte van Jesus in Betlehem, in Herodes se tyd, sterrekykers in Jerusalem opgedaag het. Kan jy glo! Sterrekykers! Van alle mense.

Dit laat die tonge gons in Jerusalem, en die veiligheidspolisie lig die paleis in. 'n Koning behoort eerste te weet van voornemende konings wat êrens gebore word.

> *In die Joodse Talmud-tradisie staan geskrywe: "Hy wat 'n magos ernstig neem, is die dood skuldig.*

En dan moet die godsdienstige leiers voor die basterkoning verskyn.

"Watse onsin is dié wat ek hoor van 'n koning wat gebore is?"

"U Majesteit moet u Majesteit tog nie aan die sterre wat voorspel steur nie. Hulle sit dit net in die tydskrifte vir die liggelowiges. In ons Talmud-tradisie staan geskrywe: 'Hy wat 'n magos ernstig neem, is die dood skuldig...' "

"Maar glo julle nie self aan 'n Messias wat sal kom nie? Die strate lê vol van die stories?"

"Ja, u Hoogheid..."

"En waar sal dié kamtig gebore word?"

"In Betlehem, u Edele, nie Bethlehem in die Vrystaat nie — daar is nie wyse manne nie —, Betlehem Efrata, waar Dawid gebore is, en waar Ragel gesterf het aan Benjamin. Dit staan in Miga 5:1.

Herodes het egter vrede met die Messiasverwagting van die Jode. Hy het 'n koningskap om te beskerm. Daarom bring sy veiligheidspolisie die sterrekykers in die geheim na die koning. Jerusalem mag nie weet nie. Wat sal Jerusalem dink van 'n koning wat hom tóg aan sterrekykers steur.

En die jakkals maak of hy ook in die koning belangstel. Sal hulle asseblief vir hom ook laat weet? Sy departement teologie sê dit moet die gehuggie Betlehem wees. Self weet hy nie so mooi nie. Hoe kan 'n koning nou in Betlehem gebore word. Hy kan dalk in Betlehem doodgaan.

Intussen vurk die een ironie na die ander in mekaar. Die boosheid van die mens ken geen perke nie. Die magoi glo, maar nie in die Woord van God nie, in die bygelowige versinsels van die heidendom. Maar hulle glo. Die koning glo ook. Maar nie in die komende Koning van die konings nie, in die moontlike waarheid van die gerug wat die magoi dra. Die teoloë van Jerusalem glo ook. Nie in die magoi nie, dis benede hulle, maar in die profetiese geskrifte wat sê dat die Verlosser in Betlehem gebore sal word, maar hulle gaan nie kyk nie, want hulle glo die magoi nie.

Daarom gaan die magoi alleen verder, Betlehem toe, gelei deur die sterre in hul oë.

Ek weet nie of daar regtig 'n ster was en hoe dit dan moontlik is nie. Ek vind dit 'n dwaasheid om daaroor te gis en te twis, omdat Matteus eenvoudig die feit met verwondering vermeld — "en kyk!" — en voortgaan om te vertel hoe dié wat God nie gesoek het nie, Hom vind, om die getuienis minstens vir Josef en Maria op te stapel. Want hulle moet Jesus grootmaak. Hulle sal Hom vertel van al die wonderlike dinge wat voor, tydens en na sy geboorte gebeur het. Engele, skaapwagters, en toe die Sigeuners ook nog. Mense aan wie geen respektabele mense hulle normaalweg steur nie.

Maar daar was hulle nou. Stralend van blydskap, knielend en met vreemde welluidende woorde op hulle lippe. En dan is hulle groot kameelsakke oop, en hier kom goud, wierook en mirre. Kersfeesgeskenke. Die rawe kom voed die arm profeet van God, die timmerman se eerste, voortydige seun. Want God weet van die aanstaande kindermoord wat Herodes in die velde van Efrata sal uitvoer, en van die vlug Egipte toe wat baie geld sal kos.

> *Die rawe kom voed die arm profeet van God, die timmerman se voortydige seun. Want God weet van die aanstaande vlug na Egipte.*

Die sorgende liefde van die Vader vir sy Kind kom uit in die tere trekkies van die verhaal. Herodes sal wel hoor, en moord blaas, maar die Kindjie moet eers bietjie sterker word voordat Josef weer na Egipte moet oor die sonde van sy broers. Daarom praat God in die nag met hulle. Hy wys hulle nie weer 'n ster nie. Om die toekoms uit die sterre af te lees, is heidens. Om na die woorde van God te luister, gelowig.

Sou dié onbekende manne veertig jaar later nog geleef het toe die evangelie van hulle Koning die wêreld begin verower?

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/3 MEI 1987*

# DIE ENIGSTE SALIGMAKER

**TE VOET DEUR DIE KATEGISMUS**

**HK 11:29–30**

*In hierdie aflewering word verduidelik waarom ons die derde keer by Jesus uitkom, en wat sy naam beteken.*

In ons voëlvlug- (oftewel straler-) verkenning van ons beroemde kategeseboekie wat in Heidelberg, Duitsland, geskryf is, het ons vasgestel dat Jesus ons gered het en dat ons vir tyd en ewigheid aan Hom behoort.

Toe het ons onsself afgevra hoe dít gekom het, en op die bekende driedeling afgekom: 1. Sonde, 2. Verlossing, 3. Dankbaarheid.

1. Ons versink onherroeplik in ons sonde wat al meer en meer word en is op pad hel toe as ons nie gered word nie. (HK 1:2–4:11)

2. Jesus het ons gered. (Veral HK 6:18)

By 3 kom ons eers heelwat later uit. Wat nou van belang is, is om te verstaan waarom ons in hiérdie aflewering die tweede, of eintlik die derde keer, by Jesus se redding uitkom.

Die eerste keer was in 1:1 waar ons redding hartstogtelik bely is.

Die tweede keer was toe die redding van Jesus die enigste antwoord op ons bankrotskap in die sonde was. Maar toe kom die vraag of álmal gered word, en die antwoord "nee, net dié wat glo."

En (toe kom) die logiese volgende vraag: Wat wát glo?

"Alles wat ons in die evangelie beloof word", en dit is die Twaalf Artikels.

Op dié manier kry ons boekie toe die oudste belydenisskrif op agenda, en begin hom te behandel. Eers "God die Vader en ons skepping" (HK 9:26–28), en toe "God die Seun en ons verlossing" (HK 11:29 e.v.)

So het die verlossingswerk van Jesus Christus die derde keer aan die orde gekom, en dit is waar ons nou is.

* * *

Die tweede van die Twaalf Artikels sê: "En (ek glo) in Jesus Christus...", en die Kategismus vra: "Waarom word die Seun van God genoem: *Jesus* wat Saligmaker (Verlosser) beteken? *Antwoord*: Omdat Hy ons salig maak* en van al ons sondes verlos, en by niemand anders enige saligheid te soek of te kry is nie.

Hierdie antwoord is so eenvoudig dat kommentaar werklik oorbodig is. Sy naam beteken saligmaker, want Hy maak ons salig. Hy doen dit deur ons "van al ons sondes (te) verlos". Die "al" is 'n welkome uitbreiding op my ou Hollandse uitgawe en daar sit diepe troos in. *Al* my sonde – tot die dag van my dood. Ek kom dus by die troon van God sonder sonde, en daarom sonder vrees aan.

Die vraag-en-antwoord-styl van die Kategismus is nie maar net 'n metode nie. Die oorspronklike bedoeling daarvan is dat elke katkisant wat antwoord ook *bely*. Dis nie verstandsantwoorde nie, dis hartsbelydenisse.

*Jesus* beteken ook *Saligmaker* omdat saligheid by niemand anders te soek of te vind is nie. Dit is nie 'n logiese antwoord nie, maar 'n geloofsantwoord. Iemand se naam kan Rigter wees, en dan is daar ook nog ander rigters. Maar as Jesus God is, en sy Naam beteken Saligmaker, kan daar géén saligmaker-God naas Hom wees nie.

In die Reformasie, net soos vandag, was dit 'n baie belangrike saak, en daarom word nóg 'n vraag en antwoord daaraan gewy.

***Ek kom by die troon van God sonder sonde en daarom sonder vrees aan.***

30. Glo dié mense wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of iewers anders soek, ook in die enigste Verlosser, Jesus?

*Antwoord*: Nee, maar hulle verloën met die daad die enigste Heiland en Saligmaker,** Jesus, ofskoon hulle met die mond in Hom roem.

Met die eerste oogopslag sou mens dink dat "die heiliges" by wie sommige hulle heil soek, nie op ons van toepassing is nie, want ons leef nie meer in 'n Roomse situasie nie. Maar as jy na 'n Rhema-

diens op die TV kyk of na die dienste van die meeste sektes, staan jy verstom oor hoe die mense die voorganger as middelaar vereer. Hy gebruik wel die naam van Jesus, maar prakties genees hý hulle, of hý ontbind die binding van die duiwel. Hy weet presies hoe om hulle "na Jesus te lei", want hy weet wat en hoe hulle moet maak om Jesus "aan te neem", en só gered te word. Dis dus nie Christusverkondiging nie, maar Christen-verkondiging met die voorganger as die voorbeeld. Hulle moet maak soos hy/sy gemaak het. Dan word hulle ook heilig. Dít is moderne heiligeverering.

Die mense wat hulle heil " by hulleself" soek, hoef ons nie ver te soek nie. Hoewel ons self daarteen moet waak, is die slagoffers van hierdie soort godsdiens legio. En so invloedryk dat hulle selfs in die NG Kerk onder beskerming geneem word deur sommige. Dit is diegene wat sê dat hulle gered is omdat húlle die dinge tussen hulle en God reggemaak het. Hulle het nie (nét) geglo (dat God alles reggemaak het) nie, húlle het eers met die sonde klaargespeel en afgereken, en Jesus toe "ingenooi".

Daarom is die antwoord van die Kategismus bitter aktueel as hy onomwonde sê dat hierdie mense met die daad, metterdaad, in praktyk, Jesus as *enigste Verlosser en Heiland verloën, al praat hulle nog hoe vroom met hulle monde oor Hom.*

"Want", so eindig die antwoord, "slegs één van twee dinge is moontlik: òf Jesus is nié 'n volkome Verlosser nie, òf diegene wat hierdie Verlosser met 'n ware geloof aanneem, besit in Hom álles wat vir hulle saligheid nodig is."

Onthou nou wat 'n "ware geloof" is. Dis 'n geloof wat niks van homself verwag nie, maar álles van Christus. Diegene wat dus tot bekering kom en voortaan hulle saligheid op hulle bekering bou, glo volgens HK 11:30 nié in die enigste Saligmaker Jesus Christus nie, al praat hulle watter skone woorde oor Hom. Hulle móét nog tot bekering kom, en glo dat *Jesus* met hulle sonde afgereken het. Dan sal hulle ook begin voel wat verlos-wees beteken.

* In die oorspronklike Hollands en in die ouer vertaling in Afrikaans word gesê "Jesus" beteken "Saligmaker", maar die nuwe vertaling sê dit beteken "Verlosser". Ek kan nie dink dat dit 'n wesenlike verandering is nie, maar as die nuwe vertaling van die HK die eeu-oue sinsnede weglaat (omdat Hy ons) *salig maak en* (van al ons sondes verlos...), dan lig 'n mens tóg die wenkbroue. In Glo en Bely, 1981, staan die "salig" nog, maar in "Ons glo..." 1982 en 1984 en in Die Kerkboek, 1983 is dit weggelaat. Dan kan dit tog nie 'n glips (lapsus) wees nie? Maar waarom sou die woord "saligheid" dan tog in die tweede deel van die antwoord behoue gebly het?

** "Heiland en Saligmaker" (en "ofskoon") is die ou vertaling want die nuwe vertaling is ietwat lomp: "hulle verloën ... die enigste *Verlosser as Heiland*, Jesus..." Die "as" moet tog "en" wees? "Ofskoon" beteken in die oorspronklike iets soos: "hoe mooi (skoon) hulle ook al met die mond in Hom roem."

# KERK VIR KINDERS

In ons gemeente hou ons drie dienste per Sondagoggend, in die skooltermyne; al drie gelyk. Twee is algemene eredienste, maar die derde, in die konsistorie, gelyktydig, spesialiseer op kleiner kinders. Dis nie 'n "kinderdiens" nie, want dis oop vir almal, en dit word ook bygewoon deur grootmense, ouderlinge en diakens.

Daar word ook nagmaal bedien, en dan sit al die grootmense aan 'n lang tafel en aan die kinders word groot-oog verduidelik waarom die brood en die wyn aan die grootmense gegee word. So verstaan die grootmense dit ook 'n slag.

Verder gaan ons deur al die handelinge van die gewone erediens, eenvoudig, maar álles, en dit laat vir die preek net vyf minute — wat baie voordelig is.

Toe ek nou laas drie preekbeurte ná mekaar by dié klein-kinderdiens het, sit daar 'n ouderling met 'n wildplaas wat dikwels groot groepe kinders na dié plaas toe neem, en ná die diens sê hy: Kan ek dit nie op skrif kry nie, want as ek met die kinders op die plaas sit, sit jy hiér.

### EERSTE DIENS

God het met ons *gepraat*. Ja, met die Bybel. God hoef nie te gepraat het nie, maar Hy het gepraat. God kon duisende kere opgehou praat het met ons, maar Hy het nie. Hy het met ons bly praat. God hoef nie met ons te gepraat het nie, Hy kon stilgebly het, maar Hy het gepraat. Hy kon gesê het: Ek praat net één keer, en toe ons nie luister nie, kon Hy geswyg het verder. Maar Hy het nie. Hy het bly

praat. Al die eeue deur. Totdat Hy self na ons toe gekom het om met ons te praat. Eers het Hy deur die profete gepraat, maar op Kersfees het Hy self na ons toe gekom om met ons te praat.

God hoef nie met ons, sondaars, te gepraat het nie, maar Hy hét. Hy praat nóú nog met ons. Hy hoef nie, maar Hy doen dit. (Laaste paragraaf baie hard.)

**TWEEDE DIENS**

Na die aansluting by die vorige een: Wat sê God vir ons? Waaroor praat Hy met ons?

Hy sê dat Hy ons liefhet. Hy praat oor sy liefde met ons. Daarom sê ons sy woorde is evangelie, want die woord "evangelie" beteken "woorde wat bly maak". Ons sonde is so groot dat God kon opgehou praat het, maar Hy hou aan om met ons te praat, en Hy sê Hy het ons lief. Hy sê Hy het ons verskriklik baie lief, al is ons sondaars. As Hy sien hoe swaar ons sonde ons laat kry, kry Hy ons innig jammer. Al is dit óns skuld dat ons so swaar kry, kry Hy ons nog steeds baie jammer, en dis dié dat Hy Jesus gestuur het om ons skuld te betaal.

Dit is ook waaroor God met ons praat. Hy vertel dat Hy ons so liefhet dat Hy ons van ons sonde en skuld verlos het toe ons nog kwaad was vir Hom; toe ons Hom nie liefgehad het nie. Dis waarom Hy sê dat Hy ons éérste liefgehad het.

God praat met ons — al kon Hy stilgebly het omdat ons Hom nie liefhet nie. Hy sê Hý het óns lief, al het ons Hom nie lief nie. (Laaste paragraaf sag.)

**DERDE DIENS**

Hy bly nie stil nie, Hy praat met ons.

Hy sê Hy het ons lief, en Hy vertel hoe Hy ons bly liefgehad het selfs toe die mense, toe ons, Jesus aan die kruis opgehang het.

Wat maak óns nou met God se praat, en met sy liefde? Met wat God sê oor sy liefde?

Ons glo dit. Ons kan nie anders as om dit te glo nie, want dit is dan Gód wat dit sê. Hy sal tog nie vir ons 'n leuen vertel nie.

En ons harte word verskriklik hartseer as ons hoor wat Hy vir ons sê — as Hy sê dat ons sondaars is, moordenaars wat Jesus vermoor het,* en wat nie regtig lief vir mekaar en vir al die mense is nie. Maar ons harte word ook baie bly, sodat ons lag al sit die trane op ons wange — omdat Hy sê dat Hy ons liefhet al is ons sondaars, en dat Hy ons nie meer as sondaars beskou nie, omdat Jesus die skuld vir ons sonde betaal het.

En dan probeer ons om nie meer sonde te doen nie. Ons probeer om net lief te hê, nie meer te haat nie. As die Here sê ons is sy kinders, en ons gló dit, dan sal ons tog probeer om soos kinders van die Here te lewe. Kinders van die koning lewe tog soos prinse en prinsesse, nie soos skelm boemelaars nie.

Maar ons vergeet nooit dat Jesus ons sy kinders gemáák het nie. Daarom bly ons baie nederig en baie lief vir Hom. (Mf.)

* * *

*Opmerking: Ek vind dit nog altyd baie moeilik om aan kinders (en grootmense) te verduidelik dat óns Jesus gekruisig het. Daarom begryp hulle ook so moeilik dat God ons liefgehad het toe ons nog sy vyande was.

Hulle dink die tydgenote van Jesus, of die Jode, het Jesus gekruisig, en dat selfs Jesus se dissipels (behalwe Judas) geen skuld daaraan gehad het nie, soos die Roomse Passiespele ook verkondig. Dat ***Paulus*** kan sê God het hóm, Paulus, liefgehad toe hy nog 'n vyand was, sal hulle wel mettertyd kan begryp, maar die sprong na óns toe is te groot.

Voel-voel probeer ek dit só verduidelik: Jesus het vir jóú sonde gesterf. Dis jou sonde ook wat Hom laat sterf het. So al het jy nie in sy tyd geleef nie, het die mes van jou sonde uit die toekoms uit Hom in sy hart gesteek. Anders gesê: As jy in sy tyd geleef het, sou jy ook gesweer het dat jy Hom nie ken nie, of saam met die skare geskree het "kruisig Hom!"

Dan moet 'n mens natuurlik glo dat Jesus eens en vir altyd, ook vir jóú sonde, op Golgota gesterf, en jou gered het toe jy nog nie gebore was nie, en toe jy nog 'n sondaar was wat gebore moes word. Dis net as jy die redding op een of ander manier na jou hede toe verskuif, dat jy in die versoeking kom om God se liefde van joune afhanklik te maak. En om dan, soos Ken en Vertrou senior dit op bl.336 stel, die kind te laat verstaan dat hy eers met sy sondes moet afreken voordat Jesus in sy hart kan en wil inkom.

---

## Passief



'n Mens ***word*** gedoop; jy ondergaan die doop, jy begaan dit nie.

---

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/3 MEI 1987

UIT DIE BERGREDE

# DIE KRITIKASTERS

Studiegedeelte: Matt.7:1–6; Luk.6:37–38; 41–42

*Matt. 7:5 "Huigelaar! Haal eers die balk uit jou eie oog uit..."*

*Luk. 6:38 "...'n goeie maat, ingestamp, geskud en propvol..."*

Die Griekse woord vir "oordeel" is die woord waar ons woord "kritiseer" vandaan kom. Die bekende woorde van Jesus op die berg klink dus byna so: "Moenie kritiseer nie, sodat julle nie gekritiseer word nie. Met dieselfde kritiek waarmee julle kritiseer, word julle gekritiseer...(en met dieselfde meter waarmee julle meet...) Hipokriete! (Kritikasters!) Haal eers die balk uit jou eie oog uit..." Die woord "hipokriet" is 'n Griekse woord. Daar staan (meervoud) "hupokrita!"

Nou moet u nie dink dat huigelaars méér sonde het as die sondaars vir wie hulle kritiseer nie. Dis nie waar dat Jesus die saak vir die *onskuldiges* opneem nie. Die sondaars het almal ewe veel sonde. Daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie één nie, sê Paulus en vir die Jode wat die heidene kritiseer, sê Paulus: "jy doen (dan) dieselfde dinge" (Rom.2:1).

Maar juis daarom lê die groter sonde, die "balk", in die kritiseer. As álmal sondaars voor God is (sodat God regverdig is as Hý gerig hou, sê die Bybel) – as almal sondaars voor God is, wie is jý dan om te kritiseer? As álmal van genade lewe, en God die goddelose regverdig verklaar (Rom.5:8), dan pas dit niémand om te kritiseer nie. Nêrens het Jesus dit so helder gesê soos met die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar nie. Die Fariseër (wat later tereg sinoniem sou word met skynheilige, huigelaar, hipokriet) het "homself regverdig" en die tollenaar veroordeel en hom by God aangekla. Die tollenaar het die aanklag nie ontken nie, net maar gesê "o God, wees my, sondaar, genadig," en Jesus het gesê die tollenaar is geregverdig (deur Gód, let wel) maar die Fariseër is met die balk in sy oog daar weg; en Paulus, die bekeerde, gebroke Fariseër, het die brief aan die Romeine geskrywe waarin hy hierdie vreemde verdienstelose regverdigmaking en redding volledig uiteengesit en die hele Bybel en heilsgeskiedenis geïnterpreteer het.

Moenie oordeel (en veroordeel) nie, (sê Lukas) – dit pas jou nie en dit vergroot jou sonde uitermate voor God omdat jy jou sonde ontken en jouself in verwaandheid en voor-op-die-wa voor God staan maak. God haat dit, want God kan nie leuens liefhê nie, en hoe dink jy moet God voel as Hy die hipokriet, met sy swart skuld, kamma ewe onskuldig langs Jesus sien staan – Jesus vol spuug en bloed en oorlaai met die sonde van die wêreld, terwyl Hy eintlik en werklik sondeloos onskuldig is? En dan oordeel en veroordeel die Fariseër nog vir Jesus ook. Dít kan God nie verduur nie.

* * *

Daar is so baie kritikasters in hierdie wêreld. (Ek kan nie dink hoe hulle hemel toe sal kan gaan nie, want hulle sal dodelik ongelukkig daar wees met niks om mee fout te vind nie.) Die dooddoeners en doemprofete. O, ek ken hulle. As jy iets begin aanpak, lag hulle meerderwaardig en verseker jou dat dit nie sal werk nie, en as dit werk, is hulle die eerste om te vertel hoeveel beter dit sou gewerk het as jy dit só en nie só nie, gedoen het. Hulle is nie net die vyande van die kerk nie, dié is daar ook, hulle is dikwels in die voorgestoeltes van die kerk. Dit lyk en voel asof hulle dink hulle is daar om alles wat die predikantjie aanpak, teen te staan en dit vir hom so moeilik moontlik te maak. En as hy nie by is nie, sméér jy hom. Jou aansien en integriteit is omgekeerd eweredig aan sy geknoei en gemanipuleerdery, meen hulle, maar hy sal jóú nie bluf nie. Jy sien deur hom. (Jy weet nie met hoeveel vrees en bewing hy sy werk doen nie. Jy weet nie hoe swaar hy met sy eie sonde saam leef nie.)

> *Hoe dink jy moet God voel as Hy die huigelaar, met sy swart skuld ewe onskuldig langs Jesus sien staan – Jesus vol spuug en bloed en oorlaai met die skuld van die wêreld?*

Moenie oordeel nie, want met die oordeel waarmee jy oordeel, sal jy veroordeel word. En met die maatstok waarmee jy meet, sal jy gemeet en geslaan word. Kyk, vóór jy oordeel het jy en jou broer, jou naaste, die volgende mens, albei splinters in julle oë maar die oomblik as jy begin oordeel, groei die splinter blitssnel tot die grootte van 'n balk.

> *Ek kan nie dink hoe 'n kritikaster hemel toe sal gaan nie. Hy sal dodelik ongelukkig daar wees met niks om te kritiseer nie.*

En as jy nié oordeel nie — as jy jou 'n kind betoon van jou Vader in die hemel wat laat reën en sy son laat skyn oor die goddelose en Jesus in hulle plek veroordeel — dan sal jy nie veroordeel word nie. Dis nie regtig 'n beloning nie, want wat het jy nou regtig gedoen wat loon verdien, jy met jou sonde wat maar liewer swyg oor die ander een se sonde, maar jy sal 'n vreemde loon ontvang. Want God is regverdig met die genadelose regverdiges en barmhartig teenoor die barmhartige onregverdiges. God is 'n God van liefde en Hy ken liefde as Hy dit sien; as Hy sien hoe dit alles bedek.

* * *

Die Bybel is 'n veel-dimensionele boek. Die Bybel is God se Woord, en net so, nee, méér genuanseerd as die wêreld en die sonde. In dieselfde Bybel skryf Paulus aan Titus oor die Kretense en teken hulle sonde tot die voete uit. Luiwrate, ongediertes, werksku, dronklappe. Hy spoor Titus aan om hulle vas te vat en te dissiplineer. Geen lui slaprug Christene in die kerk nie, dankie.

Maar dan sê Paulus ook: Titus, jy moet dit doen want die genade van God het aan álle mense verskyn. God se genade is sterker as die taaiste sonde. En, onthou Titus, as jy die sonde diagnoseer en die kanker meedoënloos uitsny, moenie dit hooghartig doen nie. Onthou, óns, ek en jy was ook eers so. Daar was niémand wat goed doen nie. "Ons was haatlik en het mekaar gehaat." Wees nugter oor die sonde, maar moenie jou verhef nie. Kniel soos God by hulle in die modder.

In ons studiegedeelte kom ook die bekende gedeelte voor waar Jesus sê ons moenie ons pêrels (margaritas) voor die varke gooi nie en wat heilig is ook nie voor die honde nie.

Verklaarders is onseker of dit regstreeks verband hou met die nie-oordeel-nie gedeelte. Versigtig sê hulle dat dit dalk die bedoeling kan wees dat as ons nie oordeel nie, ons dit darem nie só ver moet voer dat ons ons pêrels voor mense gooi wat egte varke is nie. Want honde het geen ontsag vir heilige dinge nie, en varke verstaan so min van pêrels dat hulle met hulle sloddervoete daarop trap sonder om te weet wat hulle doen.

Maar verklaarders waarsku ook dat alles wat langs mekaar staan in die bergrede, nie noodwendig direk met mekaar verband hou nie. Dit is soos pêrels wat selfstandig langs mekaar in 'n string ingeryg sit.

Miskien is dit die beste verklaring. Dis 'n spreuk van Jesus. Dit pas in 'n raamwerk, maar staan ook op sy eie voete. Dit pas minstens in die raamwerk van die kruis. Want wat Jesus ook al daarmee vir die mense wou sê, feit is dat God toe sy Heilige vir die honde gegooi het, en sy Pêrel van groot waarde vir die varke. Die honde en die varke het, met 'n skyn van reg, Hom vier maal laat verhoor en op Hom gespring en Hom verskeur en Hom in die modder in vertrap. Hulle het hom uitgemaak vir 'n uitvaagsel, 'n buite-egtelike kind, 'n baster, 'n duiwelbesetene, 'n vraat en 'n wynsuiper, 'n sabbatskender en ten slotte vir 'n godslasteraar wat van sy verstand af moet wees omdat Hy sê dat Hy self God is.

> *Voor jy begin kritiseer, het jy en jou naaste albei splinters in julle oë, maar die oomblik as jy begin oordeel, groei die splinter blitssnel tot die grootte van 'n balk.*

Toe het hulle Hom 'n dood laat sterf wat volgens hulle eie maatstawwe 'n van God vervloekte toe-kom, en Hom geterg en gejou omdat Hy Homself nie kan verlos nie — terwyl hulle getuig hoe Hy ander verlos het. As dit nie die heilige vir die honde en die pêrel voor die varke is nie, wat is?

Die droewigste altyd weer bly vir my dat dié voor wie Jesus spesiale en intieme liefdeswoorde gepraat het en selfs sy liggaam en bloed aan uitgedeel het, en dié wat Hy genees het, in hierdie fiasko nie na vore gekom het om vir Hom te getuig nie. Daar was duisende van hulle. Dat húlle toe ook maar nie beter was as die honde en die varke nie.

Maar die troos lê dan daarin dat Jesus hulle vergewe en gered het. Alléén, en juis daarom so volledig. God het dit alleen gedoen omdat Hy daardeur verseker het dat dit dan ook goed en reg gedoen is. God het Hóm veroordeel sodat die mense nie geoordeel hoef te word nie; sodat Hy, soos Lu-

**Na bl. 22**

# ISRAEL — WAARHEID IS ONWEERLEGBAAR

*Ek het 'n kopie van die September-uitgawe van SWART OP WIT ter hand gekry en dit is baie duidelik dat u sterk deur die huis van die Bose mislei is (Joh. 8:35), of dat die vader van die leuen, soos hy dit deur die eeue reggekry het, vir u outeur gespeel het, omdat die waarheid so skromelik in u artikel, Hoe die Boere hulle deur die Britte laat mislei het, ontbreek. U was braaf genoeg om 'n waardige leraar van Israel te belaster. Ek vertrou u sal ewe kordaat wees om ook my bydrae ongeresenseerd in u blad te plaas, tewens u verwelkom mos bydraes, of hoe?*

*Sonder enige grondige ondersoek van die feite, kraak u links en regs af. U grawe dus nie tot op die rots nie, maar bou sommer bo-op die sand. (Luk.6: 46—49). Ek het, sonder om van pastoor Neser of u helde Richard en Armstrong se bevindinge kennis te dra, oor die afgelope twee dekades as sosiaalwetenskaplike self 'n indringende studie na die Skrif-gewaarborgde voortbestaan van Israel na die vlees ingestel. 'n Wetenskaplik-gefundeerde geskiedkundige, argeologiese, aardrykskundige, volkekundige en Skriftuurlike studie wat ek onderneem het, het my tot die grondige gevolgtrekking gebring, dat die sg. Kaukasiese ras, waaruit die Blanke Westerse volke afstam, inderdaad die verstrooide Israelitiese stamme verteenwoordig. Na 'n indringende studie na die herkoms van die Joodse volk, het die Joodse genealoog, dr. Dan Rottenberger, bevind dat dit inderdaad die geval moet wees. Die belangrikste rede waarom Israel "verborge" (Ps.83:4) geraak het, is dat hulle onmiddellik tydens hulle wegvoering deur die Assiriërs na die huise van koning Omri en vader Isak vernoem is, sodat die naam Israel, nêrens in die antieke Assiriese annale voorkom nie. Hierdie waarheid het vir my oopgegaan uit 'n studie van die antieke Assiriese argeologiese navorsing wat deur die befaamde argeoloë, Sir Henry Creswicke Rawlinson en George Smith, onderneem is, saamgelees met Deel IV van Herodotus se geskiedskrywing. Die Behistun-inskripsies wat deur Rawlinson in die 1830's ontdek is, was die sleutel tot die ontsyfering van die antieke tale van Mesopotamië.*

*Herodotus beskryf volledig hoe Darius die Grote 'n strafekspedisie onderneem het teen die Skithe wat uit die Kaukasusstreek na die Krim en Suid-Rusland migreer het. Hierdie besonderhede het Darius ook in drie antieke tale, Oud-Persies, Babilonies en Aramees of Susanees, op die Behistunrots laat ingraveer. Die ontsyfering van antieke tekste het aan die lig gebring hoe die onderskeie Kaukasiese volke verwant was en deur die Assiriërs, Babiloniërs en Perse by verskillende name soos Skithe, Saca, Saci, Iskuza, Gimiri, Gimera, Humri en Khumri genoem is. Hierdie vervormde name kan volgens die bevindinge van o.m. George Smith, direk met die huise van Isak en Omri verbind word. (Amos 7: 16; Miga 6:16) Bronne soos, The Cambridge Ancient History en die Encyclopaedia Britannica, verskaf soveel gesaghebbende inligting oor hierdie geskiedenis, dat 'n onbevooroordeelde interpretasie van die feite hierin vervat, alreeds heelwat lig op die saak werp.*

*Die befaamde argeoloog, Sir Flinders Petrie se navorsing het verrassende inligting oor die Judeërs wat die profeet Jeremia na Egipte toe weggevoer het, aan die lig gebring. Die Ierse geskiedskrywer, dr. Keating, het so ver terug as 1621 'n diepgaande studie oor die Israelitiese herkoms van die Skotte, namens die Royal Irish Academy onderneem. Hierdie studie bevat onbetwisbare feite dat Ierland, voorheen Er-in genoem, uit Egipte via Spanje (voorheen Galasië genoem) deur persone van Israelitiese herkoms gekoloniseer is. Die Skotse Declaration of Arbroath van 1320 bevat stawende bewys van die Skotte se Israelitiese herkoms, insluitende 'n vorstelike stamboom, wat tot by koning Dawid terug op datum gehou is.*

*Sou u werklik die mening toegedaan wees dat al hierdie bronne 'n klomp vervalsings verteenwoordig? Hierby kan nog 'n ellelange lys van verdere bronne bygevoeg word. Die Bybel self en ook die Apokriewe Boeke, veral die boeke van Esdras en Tobit, bevestig hoe die verbanne Israelitiese stamme oor die Kaukasusbergreeks en om die Swartsee na Wes-Europa toe uitgewyk het. Is dit ook nie vir u aanvaarbaar nie?*

*Dat die blanke inwoners van die Britse eilande van Israelitiese herkoms is, is onomstootlik waar. Dieselfde geld vir die Wes-Europeërs en diegene in koloniale gebiede wat deur hulle tot stand gebring is. Dit is moeilik om met sekerheid te sê watter stamme deur watter nasies verteenwoordig word. Tog bestaan daar onweerlegbare Skriftuurlike grond dat die twaalf stamme steeds deur die Voorsienigheid fisies in stand gehou word en tot aan die einde in stand sal bly. (vgl. Open.21:12) Ons moet ons nie besondig deur die vleeslike voortbestaan van Israel*

*te ontken nie. Ps.83:6 leer dat diegene wat dit doen, teen Yahweh self 'n verbond sluit. Die Dake's Annotated Reference Bible bevat in sy bylae oor Notes on Acts of the apostles, p.159, o.m. 'n opgaaf van dertig Skrifgefundeerde redes, waarom rasse* gesegregeerd *moet bly en waarin ook op die ewige voortbestaan van Israel gelet word. Vergewis u self tog gerus maar daarvan.*

*Die Joodse volk is egter lank nie meer biologies suiwer Israeliete nie. Hulle verteenwoordig inderwaarheid 'n saamgeflanste volk uit die aartsvyande van die ware Israel. Dit sluit onder andere in die afstammelinge van Ismael, Lot en Esau en ook ander heidense nasies wat veral sedert die 2e eeu v.C. deur die Joodse proseliete gedwing is om die Judaïsme as geloof te aanvaar. In Joh.8:33 erken die Joodse skrifgeleerdes self dat hulle nie saam met die Israeliete slawediens in Egipte verrig het nie. Hulle is dus deur die Messias self as 'n valse Israel ontmasker!*

*Die Encyclopaedia Britannica en ook Toynbee verskaf besonderhede van hoe die Edomiete o.m. in die Jodendom opgegaan het. Joodse historici soos Chaim Potok en Nathan M. Pollock stem met hierdie bevindinge saam.*

*Dat die ware Israelvolk uit verskillende nasies sal bestaan en konings sal hê is aan die aartsvaders, o.m. in Gen.35:11, gewaarborg. In Eseg.2:3 word die profeet reeds ."na die kinders van Israel na die opstandige nasies wat teen My opgestaan het", gestuur. Dit was na die wegvoering en bevestig wat ek voorheen oor die Kaukasiese volke geskryf het. Die antieke geskiedenisbronne lewer ook bewys van die feit dat hulle toe reeds talle konings gehad het. Die Jode is steeds net één volk en het in die meer as 2500 jaar wat verloop het, sedert die wegvoering van koning Sedekia, nog nooit 'n koning opgelewer nie.*

*Die kerke van ons tyd sit met die dilemma dat hulle Israel loop vergeestelik het, terwyl in die hele Bybel daar nêrens van 'n kerk van die Allerhoogste melding is nie, maar net van sy verbondsvolk. Hoe onwillig ook al sal elke predikant moet erken dat die woord "ekklesia", waarvan die teoloë "kerk" gemaak het, steeds net "uitverkorenes" beteken. Die Skrif leer dat die uitverkiesing reeds voor die grondlegging van die wêreld plaasgevind het en Deut.7:6 en talle ander Skriftuurplase bevestig dat Yahweh slegs vir Israel uit al die volke van die wêreld uitverkies het. Is u werklik bereid om by sy Woord byvoegings te maak? As die Messias in Matt.15:24 sê dat Hy net gestuur is na die verlore skape van die huis van Israel, glo u werklik dat Hy nie bedoel het wat Hy gesê het nie? Hoe vermetel kan die mens nie wees nie? Of het u nie gelees dat Yahweh onveranderlik is nie (Jak.1:17)? Tevergeefs het die apostel Johannes geskryf dat baie Hom nie sal glo oor wat Hy deur die profete oor sy Seun gesê het nie. (I Joh.5:9–10)*

*Vir die onbevange student van die Bybel wat aanvaar dat hierdie Yahweh se Woordopenbaring aan sy uitverkore volk Israel is, is daar geen teenstrydige uitsprake in die Heilige Skrif nie, net vir hulle wat die naam van die ware Israel wil uitwis, sodat daaraan nie meer gedink moet word nie. (Ps.83: 3–6)*

*DR. N.A. BURGER, NEWCASTLE.*

Prof. dr. H.G. van der Westhuizen antwoord soos volg op dr. Burger se brief:

## CHRISTUS IS DIE WAARHEID

'n Skrywer oor "Israel-Waarheid is onweerlegbaar" vertrou dat sy skrywe "ewe kordaat....ongerensenseerd" gepubliseer moet word. Hoewel die skrywe 'n bepaalde gesindheid openbaar dat die aanhangers van die "onweerlegbare Israel-Waarheid" "onbevange studente" is en ons waarskynlik diegene is "wat die naam van die ware Israel wil uitwis, sodat daaraan nie meer gedink moet word nie (Ps. 83:3–6)", moet ons nie dieselfde gesindheid openbaar nie. Daarom word in hierdie paar opmerkings sensitief rekening gehou met die skrywer se wens om nie "resensie" op sy skrywe te ontvang nie.

> *Die oprigting van die Israeli-staat in 1948 het net so min met die Bybelse profesie en ons verlossing te doen as wat die moontlike ontdekking van die tien stamme in Europese gestaltes daar iets mee te doen kan hê.*

Wie egter belang stel om baie beknop oor die essensie van die onderhawige saak na te lees, kan dit doen in die publikasie*, waaruit nou slegs enkele opmerkings kom.

Daar is geen hoop op redding behalwe deur die geloof in Jesus Christus nie.

Dit help nie om 'n belydenis van Westerse, Europese of blanke hoop te hê en op geloofsvlak ons daarmee te vermoei nie. Op hierdie vlak is hierdie moeite tevergeefs en 'n gejaag na wind. Dit word 'n boekemakery waaraan geen einde kom nie.

Die belydenis van hoop op ewige verlossing is alleen waar in Christus. Lees maar die hele Romeine 3. Hy is die weg die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur Hom nie (Joh.14: 6). Daar is geen Israel-waarheid, weerlegbaar of onweerlegbaar, of blanke waarheid of swart–(teologie)–waarheid waardeur ons gered kan word nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie (Hand.4:12). Die name Israel, Europa, blankheid, swartheid, armoede of watter naam of saak ook al, is nutteloos met dié oog op saligheid.

Daarom moet ons soos Paulus ons voorneem, "om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde" (I Kor. 2:2). "Hulle moet hulle nie met verdigsels en eindelose geslagregisters besig hou nie. Sulke dinge gee eerder aanleiding tot twisgesprekke as dat dit die vorming bevorder wat God deur die geloof gee" (Tim.1:4; vgl. ook Titus 1:14). Dit maak nie saak of jy 'n blanke, 'n swarte, 'n gele of 'n rooie is nie, "of 'n mens besny is ('n Jood of 'n Israeliet is) of nié, is nie van belang nie, maar dat jy 'n nuwe mens is. En almal wat volgens hierdie beginsel leef, die ware Israel – mag God aan hulle vrede gee en barmhartigheid bewys" (Gal.6:16).

Op grond van hierdie Christus-waarheid van die Woord bely ons in die Dordtse Leerreëls 1,9: ons "verwerp die dwalinge van diegene wat leer dat die oorsaak waarom God die evangelie liewer na een volk stuur as na die ander, nie enkel en alleen die welbehae van God is nie, maar omdat die een volk beter en waardiger is as die ander waaraan die evangelie nie meegedeel word nie".

Die Woord van God kom by mense, volke en rasse van tyd tot tyd en van plek tot plek volgens die vrye beskikking van God en nie op grond van mense, volke en rassie se afkoms, karakter of inherente kwaliteite nie.

Paulus wat 'n besnedene was, 'n Fariseër, 'n Israeliet, 'n Jood, onberispelik van afkoms en gedrag, het nogtans die kerk vervolg! Toe hy tot insig kom het hy besef dat dit alles geen waarde met die oog op verlossing het nie. Slegs Christus is die enigste bate (vgl. Filippense 3:4–11).

Die gelowige Paulus kom tot die oortuiging, wat 'n geheim is vir hulle wat nog nie tot hierdie insig gekom het nie, dat Christus die Verlosser ook van ander volke is: "Hy het sy geheimenis deur 'n openbaring aan my bekend gemaak . . . Nog nooit tevore in die geskiedenis is die geheimenis aan die mensdom bekend gemaak soos God dit nou deur sy Gees aan sy heilige apostels en profete geopenbaar het nie. En dit is die geheimenis: deur die verkondiging van die evangelie en in hulle verbondenheid met Christus Jesus, word ook mense wat nie Jode is nie, saam met ons deel van die volk van God en lede van die liggaam van Christus, en kry hulle ook saam met ons deel aan wat God belowe het" (Ef. 3:6).

Op hierdie genadige wyse maak God die gelowiges almal kinders van Abraham (Rom.4:11). Die uitverkorenes of kerk van God bestaan uit die olyfboomstomp en al die ingeënte olienhouttakke (Rom.11:24).

Watter gegewens ook al oor die tien stamme in die Bybel of deur die wetenskappe gevind word, aan die geloof in Jesus Christus mag dit geen afbreuk doen nie.

Die baie aansprake oor waar die tien stamme is, kan hoogstens deur die wetenskappe getoets word – nie per slot van sake deur die Bybel nie.

Met die werklikhede wat ons uit die wetenskappe leer, nie net rondom die tien stamme nie, kan ons in verantwoordelikheid onder die lig van die Bybel as geloofsboek bepaalde wêreldbeskouings politieke standpunte en kerklike beleid formuleer. Dergelike wêreldbeskouings, politieke standpunte en kerklike beleid, wat waarde mag heg al dan nie aan behoud van volk, kultuur en ras, het egter niks by te dra tot ons verlossing in Jesus Christus nie.

## DIE BESTEMMING VAN DIE TIEN STAMME

Wanneer die bestemming van die tien stamme om wetenskaplike redes ook uit die Bybel ondersoek word, sal die bevinding van hierdie soektog, wat niks tot ons redding bydra nie, miskien interessant wees.

Interessante woordooreenkomste, gebruike en tradisies mag ontrafel word. Baie sal spekulatief wees.

Die volgende vier punte maak egter die gedagte dat die tien stamme verlore is en gevind kan word, onwaarskynlik.

Omdat die tien stamme omtrent vier keer langer as die twee stamme voor die terugkeer in verstrooiing geleef het, het hulle veel meer onder die omringende nasies geassimileer geraak – ook omdat hulle nie die sterker godsdienstige inslag van die tempelvolk van Jerusalem in Juda gehad het nie. Sommige het miskien minder geassimileer geraak, maar nooit so selfstandig selfs onder die name van Isak en Omri voortbestaan dat hulle vandag identifiseerbaar is nie. Daarom erken dr. Burger ook: "Dit is moeilik om met sekerheid te sê watter stamme deur watter nasies verteenwoordig word."

Van die tien stamme wat met die wegvoering agtergebly het, het met die ingevoerde Assiriërs verbaster tot die Samaritaanse volk (2 Kon. 17:24).

Die argeologiese bevinding toon 'n bevolkingsontploffing in die stede van Juda gedurende die laaste kwart van die agste eeu voor Christus. 'n Onberekenbare getal vlugtelinge het byna vanselfsprekend uit die tien stamme se gebied hulle toevlug na die naasliggende en broedergrondgebied in Juda geneem. Slegs sedert hierdie tyd is Juda soms Israel genoem.

Nadat die twee stamme weggevoer is, het die terugkeer ná die Babiloniese ballingskap van al twaalf stamme plaasgevind. Natuurlik het hulle nie meer as selfstandige stamme en in statistieke volheid terug gekeer nie. Baie het nooit terug gegaan nie. Tog het Israel (die tien plus die twee stamme) as 'n grootheid teruggegaan (Sag.8:13; 10:6; Esra 1:3; 2:59,60,70; 3:1; 6:17; 8:35; Jer.3:18; 50:4; 1 Kron.9:3; 2 Kron. 36:22-23; Neh.7:62,62; Eseg. 47:13; Luk.1:5; 2:36; Hand.2:5,10: 22:3; 26:7; Rom.11:1; 2 Kor.11:22; Filip.3:5 en so meer).

Die Jode van vandag is inderdaad biologies in 'n groot mate waarskynlik nie die volledige nageslag van Jode/Israel van die Nuwe Testament nie. Die godsdienstige aansprake van die moderne Jode is ewe verwerplik as die Joodse aansprake in die Nuwe Testamentiese tyd — sover dit Jesus betref. Die moderne Jode se aansprake op die ou Palestina is vir sover dit godsdienstig gegrond word, nie met die Bybel te regverdig nie.

Die oprigting van die Israeli-staat in 1948, gedra deur Sionisme, het net so min met Bybelse profesie en ons verlossing te doen as wat die moontlike ontdekking van die tien stamme in Europese gestaltes met ons verlossing te doene het.

Die ware Israel (Gal.6:16) word alleen deur die geloof in Jesus Christus geïdentifiseer.

* H.G. van der Westhuizen, Blankheid en Saligheid, Kital Posbus 460, Pretoria 0001 Prys R5.

## Die struikelblok van die kruis



Ek weier om my deur soveel edelmoedigheid te laat verpletter. — Vestdijk

## VRIENDE VAN BEJAARDES

*Geseënd is hulle wat altyd verstaan*
*as ek bewend moet tas of struikelend gaan;*
*Wat weet dat ore met moeite kan hoor,*
*dat ek maklik die draad van die storie verloor.*

*Geseënd is hulle wat sommer weet*
*dat my oë al swak is, dat ek maklik vergeet.*
*Geseënd is hulle wat kastig nie sien*
*dat ek koffie gemors het toe hulle my bedien.*

*Geseënd wie lus het om rustig te wag*
*terwyl ek vertel van my eensame dag;*
*Wat nooit sal verwyt of humeur sal verloor,*
*al vertel ek dieselfde storie weer oor.*

*Geseënd wie ook deur die newels kan dring*
*om gisters weer helder na vore te bring.*
*Geseënd, as hulle my op my oudag laat voel*
*dat hul liefde en agting opreg word bedoel.*

*Wat verstaan as my kragte my weifelend laat vra*
*hoekom is my kruis soms so swaar om te dra?*
*Wat die las help verlig met hul liefde vir my,*
*op die skof wat my eindelik huis toe sal lei.*

**H.N. Conradie (8 Nov 1972, 82 jaar)**
**14 November 1889 — 19 November 1979.**

**Van bl. 18**
**KRITIKASTERS**

kas in 6:38 gesê het, aan hulle 'n loon in die hand kon gee ten volle uitgemeet, ingestamp, geskud en propvol. Dít is Jesus, die volledige, volkome Verlosser en Saligmaker aan Wie ons alles het. Ingestamp, geskud en propvol — wat in jou skoot val, vertaal die Ou Vertaling beter.

**Van bl. 28**
**HEERLIKHEID**

Vandag ween ek oor die De Soto wat heengegaan het.

En ek ween ook oor my gewilligheid om saam te gaan, wat nie meer is wat dit was nie.

# GEBOOIE VIR PREDIKERS EN RESENSENTE

In die dae toe die meeste paaie nog ongeteer was, het ons die skerppunt wegwysertjies op die kruispaaie "predikante" genoem. Sulke smal swart bordjies met wit geroeste letters waarvoor jy moes stilhou om te lees. EXCELSIOR VERKEERDEVLEI SANNASPOS CLOCOLAN.

Waarom predikante?

Omdat hulle 'n weg aanwys wat hulle self nie bewandel nie.

Hierdie goedige spot lewer onbedoeld getuienis van 'n algemene opvatting wat skynbaar onuitroeibaar is: dat die predikant Sondae op die kansel staan om vir mense te sê wat hulle moet doen, en hoe, en wat nie mag nie.

In werklikheid is die leraar 'n bedienaar van die evangelie: die boodskap dat God in Christus toe gedoen het wat die mense nie kon en kan nie.

* * *

En tog het die predikant ook met wat reg en verkeerd is te doen. Met wat moet en wat nie mag nie. Dis nou wel nie in die raamwerk van verdienstelikheid wat 'n mens die hemel kan laat raak- of misloop nie. Dit is die huisreëls wat geld in die Vaderhuis nadat die Vader die lieplapper met die vetste kalf terugverwelkom het — die dankie-sê reëls. Maar feit is die predikant lees die Tien Gebooie meeste van die Sondae.

En één van die gebooie is: Jy mag nie steel nie.

Hoe kom dit dan dat so baie predikante op so 'n groot skaal gewetenloos plagiaat pleeg? Lang sinne en paragrawe van baie preke kom net so uit Hollandse of Engelse preekbundels — sonder enige erkenning hoegenaamd.

Of is dit nie gewetenloos nie?

Daar is inderdaad baie versagtende omstandighede. 'n Student en selfs 'n jong dominee is in die begin verlore sonder geleende preekstof uit boeke wat geskryf word juis om leerjongens te help.

Maar nogtans, desnieteenstaande.

Die Bybel is aan die predikant gegee om te preek. Hy hoef nie sy preekteks uit te dink of te skep nie. Is dit dan ook nog nodig om met iemand anders se kop te dink? Is dit nie dalk een van die redes waarom daar so baie onverstaanbare preke is nie? Die woorde kom nie uit die hart van die prediker wat in eenvoud één ding uit die Woord wil oordra en die mense amptelik daarvan wil verseker nie. Daarom is sy preek dikwels 'n bonte onlogiese sameflansing van ander se vreemde gedagtes.

Ek weet waarvan ek praat. Ek het al 'n preek uit 'n resente Afrikaanse preekbundel onder oë gehad wat vir 98 persent uit 'n Nederlandse bundel oorgeskrywe is. Sin vir sin — sonder vermelding. En ek het Afrikaanse godsdienstige boekies gesien met lang sinne nét so uit die bron oorgeskrywe. Dan staan die bron nog sowaar in die bronnelys!

* * *

Die tweede en die derde gebod waarop ek my wil beroep, geld veral kerklike resensente. En die gebooie is: "Jy mag nie doodslaan nie", en: "Jy mag geen valse getuienis lewer nie."

*Geen dominee sal vervolg word as hy met 'n ander dominee se kalwers ploeg nie. (Die evangelie is buitendien ons almal se gemeste kalf.) Maar dis beter om só uit jou eie hart uit te preek dat jou preek 'n eenheid vorm en nie 'n sameflansing is van ander se gedagtes nie.*

Dis merkwaardig hoe maklik dominees hierdie reëls oortree. "Van harte aanbeveel!", staan daar tot vervelens; en, ewe gemoedelik: "Tolle lege!" Dan moes daar gestaan het: "Dit sou beter gewees het as hierdie boekie nooit geskryf is nie". Dis 'n waardelose klomp twak wat die Skrif verdraai tot soetsappige moralisme. Maar die ireniese resensent rammel dit by die dosyne af: Aanbeveel, aanbeveel, sterk aanbeveel. Net so sterk soos die boeke op sy rak aanwas. En in die tydskrif waarin dit verskyn, is dit nuttelose bladvulling wat uiteindelik nòg die benaming advertensie, nòg resensie werd is.

Maar dieselfde resensent ondergaan maklik 'n metamorfose as hy 'n verdienstelike werk in sy hande kry wat profeties sy vinger in die resensent se sentimentele oog steek. Dan snuffel hy die boek deur,

en wring iets uit waarmee hy die boek verdag kan maak. Hy skroom nie die minste om die perspektief waarin iets gestel word, doelbewus te verswyg nie. Hy doen dit, o so dapper, want etiket verbied die skrywer om op die onreg te reageer. Dis glo onhoflik. Maar om die inhoud van 'n boek te verdraai is nie onhoflik nie.

Is dit billik dat iemand wat nog nooit iets, of nog net 'n traktaatjie geskryf het, boeke resenseer? Moet 'n resensent nie aan sekere kundigheidsvereistes beantwoord nie? Moet daar nie minstens in sy opdrag vermeld word dat daar van hom verwag word om die sesde en die negende gebod te eerbiedig nie? Moet die kerk nie die voorbeeld stel in die eerbiediging van die waarheid nie? Moet die predikante nie maar die weg bewandel wat hulle aanwys nie?

Of dink u dis veels te sterk gestel?

Dan moet u weer 'n keer kyk wat op die gebied van die nie-godsdienstige publikasies gebeur in koerante en tydskrifte wat prys stel op gehalte.

---

Van bl. 8 **KATKISASIEBOEK**

... *waaroor jy nie twyfel nie."* Asof dit die *gehalte* van die geloof is wat jou red. Die ander stoel roep dan HK 7:22 uit — "alles wat in die evangelie aan ons *beloof* word", maar moet dit tog net nie uit jou kop uit opsê nie en dit net *weet* nie, waarsku die boekie. Dit kan duiwels ook. "Kennis alleen is nie genoeg nie. *Daar moet iets bykom* ... Nie net jou kop nie, ook jou hart moet glo." (162) — 'n onderskeiding nie eie aan die Reformasie nie, maar aan die Nadere Reformasie.

Wat beteken hierdie onderskeiding? "Jy moet nie net *weet* nie, jy moet ook *doen*." In die ou kerktaal beteken die woord "doen": "werk"; so wat hier staan, is jy moet nie net glo nie, jy moet ook werk. Wat moet "bykom" is die werke. As dit nou geïsoleerd was, maar dit is die trant van die hele boekie, maar nié van die Bybel nie.

> ***Dit is volkome verkeerd om aan kinders te leer dat ons hemel toe gaan omdat ons reg glo.***

Daarom speel die Kategismus nie weet en glo teen mekaar af nie. Hy sê: "dit is nie alleen ... nie, maar ook." Wat jy weet, stellig weet, mag jy ook glo. Jy mag daarop vertrou. Met jou hele hart.

Maar hierdie boekie het sy eie dogmatiek.

"Het jy al die deur van jou lewe vir Jesus oopgemaak?" "Het Hy ingekom?"

Hoekom vra jy dit vir die kind? Hoe moet hy dit weet? Goddank my jongste is in standerd ses.

"Wanneer die Here ingekom het, maak Hy jou sy kind." Maak tog oop. "Hy wil graag inkom en by jou bly." "Eenmaal is genoeg." "Moet Hom nie weer en weer vra om in te kom nie." (Alles dusver bl. 164.)

Het nie een van die adviseurs gewaarsku dat hierdie in die hoek vasdruk gevaarlik is nie? Het u nog nooit iemand sinies en onverskillig, selfs wanhopig, sien word omdat hy in st. 5 (of in die hoërskool met die CSV) sy hart vir die Here eens en vir altyd moes oopmaak het, en dit nie kon volhou nie?

Het u nie die minste benul van hoe leeg die mense se harte is en hoe honger vir genade nie? Hoe kan u dan die duimskroewe so genadeloos bly aandraai?

Op dieselfde bladsy word die doop nog eens afgewater tot die Here wat vir jou gesê het "dat Hy baie graag ook jou God wil wees." Jou "gevra" het "om aan Hom te behoort."

Maar nou weer woeps! op die ander stoel.. "Kan jy seker wees dat Hy ingekom het? Ja, jy kan ... omdat die Here self so gesê het. Hy het dit mos belowe." (164/5)

Waar het Hy dit belowe?

Sit stewig: In Joh. 1:12. "Maar aan almal wat Hom (Jesus) aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word." Luister mooi hoe dit toegepas word: "Jy kan seker wees dat jy God se kind is, omdat *God* in die *Bybel so sê*." (165 — sý beklemtoning.)

Dít is absolute verdraaide regsinnigheid. Die argument is: God het gesê ás jy Hom aanneem is jy sy kind. Jy hét Hom aangeneem, so nou ís jy sy kind. God het die voorwaarde gestel, jy het dit nagekom, en nou is jy God se kind, want Hý het gesê op watter voorwaardes, en Hý is die finale eksaminator.

> ***Het u nog nooit iemand sinies of wanhopig sien word omdat hy in die hoërskool sy hart eens en vir altyd vir die Here gegee het, en dit toe nie kon volhou nie?***

Hoe kan die leerboekie dan voortgaan om te sê: " 'n Mens se sekerheid kry jy in die Bybel en nie by iets wat jy kan doen nie. Nou moet jy net nie dink dat dit jou *geloof* is wat jou in die hemel gaan bring nie. (Wat het jou laat dink hy mag dit dalk wil dink?) Nee, dit is Jesus en alles wat Hy gedoen het, wat jou daar bring. Jou geloof is maar net die hande waarmee jy Hom vashou." (165) Die leerboekie kán dit sê, want hy sit op twee stoele en luister net halfpad na sy leerstellige "adviseur(s)". Die boekie leer die kind wesenlik om op sy geloof te vertrou, sy aanneem van Jesus. Omdat God gesê het as hy dít doen, sal hy gered word. En dan

sê hy dis nie jou geloof wat jou red nie. As daar ooit 'n deurmekaarmaakspul in die kerk gepubliseer is...

### Bekering

'n Opmerking op bl. 163 (onder geloof) is paslik hier. Daar staan: "Neem Hom nou op sy Woord en doen dit. Gaan net soos jy is." Wat hierdie "net soos jy is" beteken, sal ons maar moet sien — veral in die lig van bl. 336 van die handboek vir kategete: "Laat hom verstaan dat Jesus nie kan inkom voordat daar nie met sy sondes afgereken is nie. Jesus wil en kan nie in 'n vuil hart woon nie."

Wie sal dit wen — die "net soos jy is" of die "rein hartjie"?

Alles verloop verder redelik ortodoks tot op bl. 170, waar onderskeid gemaak word tussen die "eerste bekering" — "wanneer 'n mens die eerste keer die deur van jou lewe vir die Here oopmaak en Hom innooi om by jou te bly — en die "voortgesette bekering" of heiligmaking. Die logiese vraag is: Speel jy eers met die sonde klaar voor Jesus kan inkom, of kom Hy in en dan probeer jy met die sonde breek?

> ***Ek mag dit mis gelees het, maar nêrens in die boekie het ek gevind dat uitgewys word dat ons beste werke doemwaardig is nie.***

Maar die boekie antwoord die vraag nie. Hy praat hiernatoe en daarnatoe en eindig ongeveer met die konklusie dat bekering is: "Hy wil hê ons moet onsself aan Hom gee sodat Hy in ons kan bly." (171) Ek raai dit beteken eers klaarspeel met die sonde, maar miskien is ek 'n paranoïed. Dit laat my egter onwillekeurig dink aan die Here Jesus wat in Matt. 12 vertel wat gebeur as die duiwel 'n leë skoon en aan die kant huis kry.

### Vergifnis

Jy moet vir die Here dankie sê dat die vergifnis van jou sonde nie van iets wat jy doen afhanklik is nie, én jy moet weet dat berou en die vergewe van ander is wat Hy van jou "eis". (177) 'n Katkisasieboek op twéé stoele.

Die algemene strekking is dat die Here ons vergewe nádat ons Hom aangeneem het.

Dis soos Ges. 10 sê:

*Voordat ek kon kies kon vra*
*het u Seun my vloek gedra*
*Ek kon vind: U't mý gekry*
*voor ek nog my skuld bely*

Net 'n bietjie anders.

### Vrugte dra

Vir sommige kinders sal hierdie leerboekie lekker wees. Dis soos toe hulle klein was en in die parkie wipplank gery het.

" 'n Mooi lewe is die enigste manier hoe jy vir God kan dankie sê vir alles wat Hy vir jou gedoen het. (Calvyn en die Kategismus sê jy kan dit met gebed ook doen; selfs éérste.) Die Here Jesus het so baie vir jou gedoen — eintlik: Hy het álles gedoen! Hy het jou heeltemal van jou sonde verlos ... Hoe kan jy nou vir so 'n groot present dankie sê? Jy kan tog nie daarvoor betaal nie. Maar jy kan wel vir Hom dankie sê deur vir Hom te wys hoe dankbaar jy is. As die Here sien hoe voorbeeldig jy lewe, sal Hy weet dat jy baie bly oor alles is wat jy van Hom ontvang het. Die Here God wil graag trots op jou wees (vgl. Jer. 13:11). Jy kan dankie sê deur te doen wat die Here graag wil hê." (182)

Ek mag dit mis gelees het, maar in hiérdie afdeling kry ek nie iets van die belydenisskrifte, ál ons belydenisskrifte, wat sê dat ons beste werke doemwaardig is nie. Afgesien van die samevatting van hierdie module of iets op die rug van die indikatief én die imperatief, eindig die boekie met "lewe soos Jesus" (183).

* * *

### Taal en styl

Die skrywer het hard probeer om verstaanbaar met die kinders te praat. Dit is my mening dat hy ook hard probeer het om die suiwer evangelie aan die kinders oor te dra, en dat dit nie net sy skuld is dat dit nie gebeur het nie — so ken ek hom, al ontken hy dit lojaal.

Feit is dat as die boekie dalk daarin slaag om die kinders te bereik, dit nie onvermengd die saak van die kerk en evangelie sal dien nie.

Die boekie wemel van pedantiese naïwiteite (waarvan ek enkeles aangehaal het) wat die kinders eenvoudig nie vir soetkoek sal opeet nie, en wat, sonder dat hulle weet waarom, sal bydra tot die afmattende verveligheid wat die gemiddelde katkisasieboek kenmerk.

> ***Die styl waarin die nuwe katkisasieboek gegiet is, kom nie die afmattende verveligheid van die gemiddelde katkisasieboek te bowe nie.***

Die manier waarop die taal na benede geskroef word om die 13-jariges te bereik, geskied met klewerige kameraadskaplike woordjies soos "mos" en "sommer", "seker", "ouens", "darem", "amper", "regtig", "bietjie", "nogal", "dan", "gerus", "eintlik" ensovoorts.

'n Goeie kinderboekskrywer sal kan bevestig dat hierdie boekie werklik nie goed geskrywe is nie.

Die monotone styl raak net te veel as dieselfde woordjie, "nou", minstens 170 keer gebruik word, en "eers" minstens 115 keer. Meesal in die kombinasie "lees/doen *nou* eers..." En die futloosheid van die boekie word onderstreep en versterk met meer as 80 uitroeptekens. 'n Goeie boek het nie uitroeptekens nodig nie. **Na bl. 26**

*NASKRIF*

*Nadat ek die ontleding van "Ken en Vertrou" gedoen het, het ek 'n kort briefie daaroor in Die Kerkbode geskryf waarin ek die bevindinge saamvat en na hierdie omvattende ontleding verwys. Iemand, wie se oordeel ek baie hoog ag, het toe die versugting uitgespreek dat ek tog liewer die styl nie moes bespreek het nie, want dit kan my (nog meer) 'n etiket van liefdeloosheid en hovaardigheid besorg – veral by mense wat my nie ken nie.*

*Terwyl ek die oordeel van die liefde in die laaste sinsnede waardeer, kan ek niks anders sê nie as dat ek met my hele hart wens dat ek presies die teenoorgestelde in Die Kerkbode en hiér kon geskryf het. Hoe hartstogtelik wens ek dat ons kinders net die beste katkisasieboeke kon hê, wat opwindend en boeiend geskryf is.*

---

# WAAR KRY DIE KERKRAADSLID SY TOERUSTING EN OPLEIDING?

Dit is 'n vraag wat dikwels gevra word, en wat nie maklik is om te antwoord nie. Dis nie moeilik om die vraag te antwoord omdat ons kerk nie weet hoe om kerkraadslede op te lei nie. Dis moeilik omdat praktiese omstandighede dit byna onmoontlik maak om vir die kerkraadslede skool te hou. Ons het dit al probeer en minder as 'n kwart – en dan meesal die bekwames – kon dit bywoon. Om ***almal*** uiteindelik betrek te kry, sal beteken dat die leraars dieselfde kursus weke lank moet aanbied.

Daarom maak ons gebruik van in-diens-opleiding. Die volgende wenke sal vir die kerkraadslid nuttig wees:

1. U ontvang 'n lêer met al die name en adresse van die mense wat u moet bedien. U moet hulle besoek en hulle vriendskap en vertroue wen sodat u hulle in nood kan help.

> ***Omstandighede dwing ons meesal om met in-diens-opleiding te volstaan.***

2. In u lêer is 'n kort handleiding wat die praktiese werk van ouderling en diaken in u gemeente uiteensit. U moet dit deeglik bestudeer. Dis ***kort*** want as dit lank was, sou dit onbruikbaar geword het.

3. Die beste advies oor u praktiese administrasie – uitmaak van koevertjies, invul van verslae – kry u by die Kerkkantoor. ***Ons kan dit nie genoeg beklemtoon nie.***


4. Wat die geestelike sy van u werk betref, is u hoofsaaklik aangewese op u leraar – wat u ***baie graag*** sal wil bystaan. Miskien kan u met reg verwag dat hy self sy dienste sal kom aanbied, maar ons wil u vra om tog met vrymoedigheid by hom aan te klop. Die predikant se gedagtes is so beset met die node van al die gewondes en gekwestes en gekwetstes; die wat skei en drink, en vloek en skel, dat hy normaalweg aan 'n kerkraadslid as 'n bondgenoot dink en nie as iemand wat ook hulp nodig het nie. Bel u leraar en vra wanneer u 'n uur of drie rustig met hom kan kom gesels oor u ampswerk. Ek ***verseker*** u dat min dinge 'n predikant soveel vreugde verskaf as iemand wat blyke gee dat hy sy werk graag beter wil doen.

5. U kan u toerusting aanmerklik verbeter deur weer 'n keer na die Bybelse gegewens oor u amp te kyk – soos veral in die bevestigingsformulier uiteengesit; deur ons kerk se belydenisskrifte te bestudeer.

6. Die heel noodsaaklikste toerusting kry u op u knieë. As u die Here se Woord gelees het, en u praat met Hom – oor u wyk en oor u kragte – word alles anders. Onthou: U is nie Piet Poggenpoel wat die straat afloop om gunsies te vra nie. U is 'n gestuurde van Jesus Christus. U het ampsgesag – soos 'n polisieman in uniform. Moet daarom nie terugdeins vir u groot werk nie.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/3 MEI 1987



# OPGENEEM IN HEERLIKHEID

Nico Steenberg

Ek was in standerd drie toe ek byna soos die apostel Paulus "weggeruk is tot in die derde hemel." (2 Kor. 12:2)

Ek het soms pouses saam met KleinBob du Preez na hulle huis toe gegaan. Daar aangekom het ons eers langs die sinkmotorhuis water afgeslaan en dan gaan tee drink en 'n sny brood eet met koue maalvleis op. Partykeer het KleinBob daarna vir sy pa, OuBob, in die winkel gaan help. Hulle het 'n winkeltjie in Stringfellowstraat gehad, gerig op die swart kliëntele. (Ten einde die mense van kleur se brose emosies nie te kwets nie, volstaan ek deur te sê dit was 'n ou swart winkeltjie met hoenders wat in- en uitloop en deposito's maak.) Dan het KleinBob soms 'n sjieling op slinkse wyse verduister, iets wat hy tot 'n fyn kuns ontwikkel het. Wanneer hy die geld in die laai wil gooi, glip die muntstuk uit sy hand, langs sy been af tot in sy kous wat in sulke bakke om sy enkel gehang het. Die vrugtelose gesoek daarna moes later prysgegee word wanneer ons weer moes terug skool toe. Op pad skool toe het ons dan die sjieling uit KleinBob se kous gevis en by ou Hicks se winkel twee peppermint crisps gekoop. Ek het vandag nog 'n swak vir peppermint crisps, maar ek is nie skaam daaroor nie. Soos die genoemde apostel roem ek ook in my swakhede.

*Audrey Blignaut sê as jy 'n skrywer wil wees, moet jy kan onthou van baie klein af. Aan hierdie maatstaf gemeet, is Nico Steenberg ongetwyfeld die amp waardig. Daarby is hy ook nog 'n eerlike gelowige.*

Maar ek dwaal af. Die dag toe ek weggeruk is na die paradys toe, was ek en KleinBob juis besig om tee te drink by hulle huis toe 'n onverwagte kragdadige reënbui ons daar vaskeer. Al uitweg was dat OuBob ons met sy motor moes terugneem skool toe. Ek het bygestaan toe OuBob die sinkdeure van die motorhuis oopsluit en klippe daarteen pak dat hulle nie moet toewaai nie. Binne, onder die sagte lig van die bewolkte hemel, het die verbysterende luuksheid van 'n duifgrys 1948 De Soto gestaan. Ek was so opgewonde soos iemand wat 'n reis na die buitenste ruimte sou onderneem. Toe OuBob die De Soto opstart, het 'n wolkie grys rook by die uitlaatpyp uitgeborrel in die reën, terwyl die De Soto so saggies luier soos 'n Singer naaimasjien.

Ek was stomverbaas toe OuBob van binne-af vir my die deur oopmaak. 'n Grootmens het vir mý 'n deur oopgemaak om in te klim! Dit was asof ek die voorportaal van die hemel betree toe ek inskuif in die sagte leersitplekke. "Draai op die vensters" het OuBob deur sy skurwe swart baard beveel. Ek en KleinBob het, soos dit geprivilegeerdes betaam, onmiddellik gehoorsaam. Glad en geluidloos het die ruite opgegly. Ek het my verkyk aan die slingers aan die deure, die handvatsels, die ronde meters op die houtpaneelbord met liggies daaragter wat liggeel gloei, die stuurwiel met die ronde knop aan waarmee OuBob die stuurwiel om die draaie krink, die reënveërs wat saggies sjoep-sjoep oor die voorruit vee. Bo alles die reuk van leer wat byna bedwelmend die luuksheid beklemtoon.

Toe OuBob wegtrek, het ek so effens weggesink in die sitplek en weer vorentoe gewieg toe hy ratte verander. Die De Soto se masjien het byna geruisloos gebrom van ingehoue krag. Onder die bonnet was daar 'n straight-six, het KleinBob my ingelig. Buite het die whitewall tyres gesjirr op die nat pad. O, dit was die saligheid! Ek wou dat die rit nooit ophou nie. OuBob kon maar met ons tot in die Baai ry. In daardie eerbiedwaardige oomblikke het ek besluit dat as ek eendag ryk is en my eie kar kan koop, sal dit niks anders as 'n De Soto wees nie, met whitewall tyres en 'n knop aan die stuurwiel.

Toe OuBob ons by die skool aflaai, was dit asof ek so op wolke loop, nog met die wieg van die De Soto in my stap. Vir 'n alte kort wyle was ek opgeneem in heerlikheid, byna tot in die derde hemel.

Die Sondag het ou Dominee Pepler gepreek oor die Ryk Man en Lasarus. En oor hoe die engele vir Lasarus kom haal het, en weggedra het na die boesem van vader Abraham.

En daar waar ek gesit het in die vrybanke, vierde bank van voor af in die middelblok, het ek kinderlik gedink: as die engele my ooit kom haal, dan moet hulle kom met 'n De Soto en vir my die deur van binne af oophou, en ek sal gewilliglik saamgaan, enige tyd.

Na bl. 22